HOOFSTUK 3

Versmeltings met die motto's

Aan die begin van die roman *Agaat* word drie motto's gegee: Die eerste motto is geneem uit die inleiding van die *FAK-Volksangbundel*, die tweede motto is uit die Voorwoord van *Borduur só* en die derde motto is geneem uit die *Hulpboek vir boere in Suid-Afrika*. Die motto uit die borduurboek skakel met die buiteblad van die roman. Op die buiteblad word borduurwerk afgebeeld. Die plasing van die motto's aan die begin van die roman, voor die romanteks begin, werk kodifiserend vir die res van die roman. Die motto's lei kodes in, wat soos motiewe werk en as motiewe beskou kan word. Wessels (2006:39) beskryf die aanhalings uit die drie verskillende boeke as epigramme, maar dan gaan dit om die oorspronklike Griekse betekenis van die term as 'n "inskripsie" (Abrams, 1981:53). Die manier waarop die motto's regdeur die roman bepaalde assosiatiewe raamwerke aktiveer, kan egter ook in die terminologie van die kognitiewe paradigma beskryf word, en dan blyk dit dat die motto's soos domeine funksioneer. Hierdie domeine genereer meervoudige betekenisse, veral wanneer verskillende domeine oormekaarskuif en versmelt.

Die eerste aanhaling is geneem uit die voorwoord tot die *FAK-Volksangbundel* van 1937: "Hierdie nuwe bundel wil die volksiel se wasdom, drang en sy uitbreiding vertolk...". Die tweede aanhaling is geneem uit mev. Betsie Verwoerd se voorwoord tot mev. Hetsie van Wyk se borduurgids, *Borduur só* van 1966: "die verfyning en verfraaiing van die huislike atmosfeer (...) onderskei die kultuurbewuste volk van die onbeskaafde". Die laaste aanhaling is uit genl. Kemp, destyds Minister van Landbou, se voorwoord tot die *Hulpboek vir boere in Suid-Afrika* van 1929: "Net soos die Bybel die pad wys tot geestelike volmaaktheid so sal hierdie Hulpboek ook op middels en maniere wys (...) tot groter welvaart vir elke boer". Dit is duidelik uit bogenoemde aanhalings dat elk van die drie boeke deel uitgemaak het van 'n breë volksprojek – die bevordering, ontwikkeling, bemagtiging en instandhouding van die Afrikanervolk en sy kultuur.

Die drie motto's speel 'n belangrike rol in die verhaal. Dit is interessant dat al drie hierdie motto's 'n sterk nasionalistiese inslag het. Die nasionalistiese inslag weerspieël duidelik 'n

bepaalde wêreldbeeld. Dié inslag word egter deurlopend deur die roman ondermyn. Die roman skryf teen hierdie motto's in en die gebeure in die roman bevraagteken die motto's deur juis die motto's se egtheid te relativeer en te ontken. Hierdie inskrywing teen die motto's bewerkstellig 'n komplekse metaforiese struktuur of basis in die roman. In hierdie hoofstuk sal gepoog word om die komplekse metaforiese struktuur, wat deur die gebruik van die motto's tot stand kom, te ontleed en verduidelik. Elke metaforiese struktuur bestaan uit twee of meer betekenisdomeine wat versmelt om 'n nuwer komplekser struktuur of versmelting te vorm. Die versmelting bevat inligting van beide die betekenisdomeine, en die inligting van die twee domeine versmelt om 'n nuwe betekenis tot stand te bring. Elke betekenisdomein sal ontleed en geïnterpreteer word. Die invloed van een domein op 'n ander – daardie kruising van gegewens en die oormekaarskuif van denkruimtes wat 'n nuwe betekenis skep – gaan ondersoek word. Die versmelting, wat uit die proses gevorm word, sal ook bespreek word.

Die datering van die motto's en die figurering van datums in die roman is ook van die uiterste belang in die bespreking van die motto's. Die eerste motto, geneem uit die *FAK-Volksangbundel*, verskyn in 1937. Dit is reeds uit hierdie aanhaling duidelik dat Afrikanernasionalisme aan die orde gestel word. Volgens Rossouw (2005) is die voertuig van die politieke gemeenskap in die nasionalisme natuurlik die volk, en hierdie aanhaling staan in die tradisie waarin die verband tussen bloed en grond sentraal is. Van watter bloed jy is, bepaal watter grond joune is. Dit is juis in die oorgang van die gesproke woord na die gedrukte woord in Afrikaans wat Afrikaners wegbeweeg van republikanisme (grond as voorwaarde vir gemeenskap) na nasionalisme en rassisme (bloed as voorwaarde vir gemeenskap). Die *FAK-Volksangbundel* is gepubliseer in 'n tyd toe daar veral gefokus is op die opheffing van die volk. Na 'n tydperk van ontwrigting as gevolg van groot gebeurtenisse soos die Anglo-Boereoorlog, die Rebellie van 1914 en die Depressie en droogte van 1933 was dit belangrik om die volk as geheel op te hef.

Die laaste motto, geneem uit die *Hulpboek vir boere*, skakel ten nouste met die aanhaling uit die *FAK-Volksangbundel*. Die hulpboek is gedruk in 1929. Hier word nog 'n klassieke nasionalistiese tema op die voorgrond geplaas, naamlik die skakeling van die religie en die grond. Hoe die grond lyk, so lyk die gees (Rossouw, 2005). Die tydperk waarin die boek

gepubliseer is, skakel ook ten nouste met die opheffing van die volk. In hierdie boek gaan dit uitsluitlik oor die opvoeding van die (grootliks manlike) boere in Suid-Afrika.

Die tweede motto is afkomstig uit die borduurboek, *Borduur só*, wat in 1966 gepubliseer is. Hierdie motto, alhoewel dit tweede in die roman geplaas word, dateer uit 'n tydperk 'n hele paar jaar nadat die ander twee boeke verskyn het. In hierdie tydperk, enkele jare na republiekwording in 1961, word daar meer op die individu as op die volk gefokus. In die voorafgaande periode is die volk as 'n geheel opgevoed en opgebou. Nou is dit die individue wat aandag moet geniet. Luidens Rossouw (2005) word daar, deur hierdie aanhaling uit die borduurboek, die verband tussen estetika en die politiek bevestig. Dit word selfs verder gevoer in die sin dat hier selfs van 'n estetisering van die politiek ter sprake is.

3.1 Musiekmotto en versmeltings

Soos reeds aangedui, is die eerste motto in die roman 'n aanhaling uit die inleiding van die *FAK-volksangbundel*:

> Hierdie nuwe bundel wil die volksiel se wasdom, drang en sy uitbreiding vertolk. Mag die ondefinieerbare element – die krag en geur van die Suiderland se bloed en bodem – tasbaar hierin gevind en deurvoel word, dan sal die volk dit aan die hart druk en dit as sy eie aanneem. (Van Niekerk, 2004.)

Hierdie motto omskryf 'n bepaalde musiektradisie waarbinne die boek gepubliseer is. Die bundel is in 1937 uitgegee; daarom bevat die aanhaling uit die boek, wat die eerste motto voorin die roman is, 'n sterk nasionalistiese inslag. Die bundel verklaar dat hy die volksiel se "wasdom" (groei), "drang" (begeerte of verlange om 'n doel te bereik) en sy "uitbreiding" (verspreiding) vertolk. Die volk se uitbreiding en groei word deur die sangbundel vergestalt en die suggestie is dat die musiek die volksiel weerspieël en dat die musiek ook tot die ontwikkeling en bevestiging van die tradisies bydra en indirek deur musiek beheer word.

Die "ondefinieerbare element", naamlik die "krag en geur van die Suiderland se bloed en bodem" moet tasbaar in hierdie sangbundel waargeneem word sodat die volk dit aan die hart kan druk en dit as hulle eie aanneem. Dit is ironies dat die "ondefinieerbare element" juis in dié bundel gevind kan word. Hierdie uitspraak in die inleiding bevat 'n paradoks, aangesien die element nie gedefinieer kan word nie, maar tog moet dit in die bundel (en dus ook in musiek) gevind word.

Die motto kan beskryf word as die basiese betekenisdomein van die musiekversmelting in die roman. Die tweede betekenisdomein is die verskillende plekke waar musiekverwysings in die roman voorkom. Die versmelting is die interpretasie van die motto en die musiekverwysing in die teks en die interpretasie van die versmeltings as gevolg van die ineenvloeiing van hierdie twee denkruimtes.

Hierdie motto, soos die ander twee, word vooraf aan die leser gegee deur dit reg aan die begin van die roman te plaas. Die leser begin aan die roman lees met die motto as 'n soort riglyn, as belangrike inligting wat op die hele leesproses 'n invloed sal hê. Die vooropgestelde beginposisie van die motto bring dus mee dat die inligting wat daarin vervat is, 'n kodifiserende rol in die roman speel. Dit blyk egter dat die motto, wat deur die skrywer gegee word, deur die verhale in die roman self ondermyn word.

Die werking van die musiekmotto kan op verskillende wyses in die teks waargeneem word. Een van die opvallendste wyses waarop musiek in die teks aangewend word, is as 'n uitdrukking van gevoelens en musiek wat as 'n troos- of opbeuringsmiddel dien. Die gegewens wat deur die motto opgeroep word, vorm 'n aanvanklike betekenisdomein, terwyl die wyse waarop musiek in die verskillende verhaallyne in die roman gebruik word, naamlik as troos- of opbeuringsmiddel of as uitdrukking van gevoelens, die tweede betekenisdomein vorm. Die versmelting van die twee domeine bewerkstellig die meervoudige en gekompliseerde betekenis van musiek in die teks. Volgens die suggestie in die motto is musiek en sang belangrik in die vorming en

ontwikkeling van identiteit, maar die rol van musiek in die roman is selfs veel sterker en dra by tot verskillende aspekte en temas in die roman.

3.1.1 Musiek as ontvlugting of troosmiddel

In die uitbeelding van Milla word musiek gebruik wanneer sy haar wil verplaas, of as ontvlugting of troos. Musiek word vir haar 'n soort kalmeermiddel. Sy luister na verskillende soorte musiek uit verskillende lande. Haar musieksmaak wissel van Europese musiek, FAK-liedjies tot klassieke musiek. Milla luister ook musiek om haar beter te laat voel of om haar te kalmeer. Dit is asof haar hele gemoedstoestand deur die musiek gereguleer word. Musiek moet haar verhef; musiek moet haar uit enige ongelukkige situasie kan uithef. Dink byvoorbeeld aan die opdrag wat haar pa haar gegee het voordat sy en Jak getroud is:

> Die belangrikste is dat jy gelukkig en gesond moet wees, my kind, het hy gesê, die res is bysaak, en moenie jou musiek verwaarloos nie. [...] moet julle elke Vrydagaand kom kuier, dan luister ons musiek. Onthou, my hele versameling word eendag joune. (Van Niekerk, 2004:28.)

Haar droom van die perfekte man word verpletter toe Jak haar 'n paar dae voor hulle troue aanrand, en sy wend haar tot musiek vir troos:

> Die dag voor jou troue, dis toe dit die eerste keer gebeur het. Daarna, die dae daarna, die eerste weke, het jy na musiek geluister om jouself te kalmeer. [...] *Frauenliebe und –leben* op die draaitafel in jou kamer gesit. Kathleen Ferrier kon namens jou huil. (Van Niekerk, 2004:46, 49.)

Die musiek word aangewend om Milla se verwerking van die versplintering van haar drome uit te beeld. Die musiek gee uiting aan haar gevoelens, gevoelens wat sy aan niemand openbaar kan maak nie. Die sangeres moet namens haar huil. Die keuse van die liedere waarna sy luister, is insiggewend. *Frauenliebe und –leben* kan rofweg vertaal word as "vroueliefde en –lewe". Ironies genoeg is dit juis wat Milla nie ontvang nie. Die eerste paar weke van 'n huwelik is

veronderstel om die gelukkigste tyd van 'n vrou se lewe te wees, maar Milla se man slaan haar en sy moet 'n sangeres hê wat namens haar huil.

Tydens Jakkie se geboorte beveel sy Agaat om vir haar te sing sodat sy 'n ritme kan kry vir die geboorteproses. Die ritme van die liedjie verskaf die ritme waarvolgens sy haar asemhaling kan reguleer. Dit is byna asof haar hartklop en hele asemhalingsisteem deur musiek beheer word. In die geweldige pyn en angs wat sy tydens Jakkie se geboorte beleef, wend sy haar tot iets wat bekend is, naamlik musiek. Sy het die musiek nodig om haar deur te help. Dit is asof die musiek haar krag gee vir die moeilike geboorte wat sy geweet het gaan volg:

> Dit het gevoel of jy uitmekaar skeur, of jou rugstring splyt.
>
> Sing, het jy gesê, sing my iets. [...] Sy het gewag tot jy begin asemhaal en uitblaas. Toe het sy self 'n asem gevat dat haar skouers daarvan opgelig het en aangehef.
>
> Liewe maan, het Agaat gesing, jy seil so langsaam deur die awendwolke heen. [...] En sing, hou aan sing hier vir my, dat ek 'n ritme kan beetkry. Sing iets vinnigs.
>
> Vanaand gaan die volkies koring sny, koring sny, het Agaat gesing.
>
> [...] My geliefde hang in die bos, my geliefde hang in die bos.
>
> [...] Nou drúk, het sy gesê, my geliefde hang in die bitterbessiebos. (Van Niekerk, 2004:187.)

Die keuse van die liedjies is uiters betekenisvol binne die groter raamwerk van die roman. In die eerste plek sing Agaat liedjies wat sy kennelik by Milla geleer het. Agaat kies die liedjies, maar Milla gee die opdragte oor watter soort liedjie sy nodig het tydens Jakkie se geboorte. Die eerste liedjie wat Agaat sing, is 'n Europese liedjie, naamlik "Liewe maan". Milla wil egter nie daardie liedjie hoor nie en versoek 'n vinniger liedjie. Agaat verstaan dadelik dat Milla 'n vinniger liedjie nodig het en voldoen aan die versoek. Sy sing dan "Vanaand gaan die volkies koring sny". Milla se musieksmaak is oor die algemeen meer Europees, dit is asof sy haarself beter daarmee vereenselwig. Sy wil eerder Europese musiek, klassieke en ernstiger musiek luister, want dit pas by die persoon wat sy voorgee om te wees. Sy wil haar nie met haar Afrika-herkoms assosieer

nie; sy wil eerder Europees wees. Wanneer Agaat egter 'n Europese liedjie begin sing tydens Jakkie se geboorte, wil Milla dit nie hoor nie.

Die afleiding kan hier gemaak word dat die liedjie wat Agaat sing, skynbaar vrolik en oppervlakkig is, maar dit het tog 'n onheilspellende ondertoon. Die "volkies" wat koring sny, verwys na die swart mense, die volk, op 'n plaas, wat gewoonlik die harde arbeid verrig. Nadat die koring geoes is, word daar gewoonlik 'n fees gehou om dit te vier. Daar is ook selfs 'n onheilspellende suggestie in die verwysing na die geliefde wat in die bitterbessiebos hang. 'n Bitterbessiebos se blare maak skape se moedersmelk giftig vir hul lammers. Die "geliefde" wat hang aan die bitterbessiebos is dalk 'n verwysing na die lammers wat sterf as gevolg van die bitterbessiebos se blare. Dit is asof die suggestie gemaak word dat Milla se moederskap "vergiftig" of minstens ongesond is of gaan word. Dit kan ook daarop wys dat Agaat as "kind" van Milla "sterf" omdat sy deur Milla verstoot word. Dit kan selfs geïnterpreteer word as 'n vooruitwysing daarna dat Agaat Jakkie as't ware by Milla gaan afrokkel.

Selfs na Jakkie se geboorte, wanneer Milla aan depressie ly, luister sy musiek. Beatrice verklaar dat dit die oorsaak van haar depressie is, dat dit haar pa se probleem ook was. Die sogenaamd neerslagtige musiek maak hulle depressief.

> Postnatale depressie, sê Beatrice. Kom sit partykeer hier by my as ek Pa se ou plate speel maar ek wil haar nie hier hê nie sy verlekker haar in my toestand & sy raak verveeld as ek haar probeer vertel van Brahms & sy ewige onbeantwoorde liefde vir Clara Schumann. Sy sê g'n wonder ek is terneergedruk nie dis die naargeestige Brahms wat ek luister die lewe is die swoele dag die dood die is die koele nag & dit was kwansuis my pa se probleem ook. (Van Niekerk, 2004:209.)

Ironies ervaar Milla, soos Brahms, onbeantwoorde liefde. Haar huwelik met Jak is nie die huwelik waaroor sy gedroom het nie. Sy kan met Brahms en sy musiek identifiseer aangesien haar huwelik eintlik liefdeloos is. Milla identifiseer duidelik meer met die Europese komponis as met die Suid-Afrikaanse volksmusiek. Sy wil haarself nie werklik sien as 'n Afrikaan nie. Die

vraag onstaan dan: Wat is werklik eg: die projeksie van haar belewenisse in Europese musiek of die werklikheid? Milla maak en projekteer beelde van haarself soos sy graag sou wil wees. Dit stem egter nie met die werklikheid ooreen nie.

Milla verklaar self dat musiek vir haar 'n troosmiddel is:

> Jy het na musiek verlang, skielik, dit kon jou altyd troos, jou nader aan jouself bring, nader aan alles en almal laat voel, maar wat het oorgebly van jou musiek tussen al die siektes en rampe? (Van Niekerk, 2004:304.)

Milla se geluk word afhanklik gestel van musiek; sy kan nie gelukkig wees as sy nie musiek kan luister nie. Haar ontwikkeling en groei as mens hang van musiek af, sy kan nie daarsonder lewe nie. Elke keer as sy hartseer voel of as sy haar in 'n ongelukkige situasie bevind, wend sy haar tot musiek. Sy moet egter wel toegee dat die werklikheid sterker is as die musiek, dat die musiek haar uiteindelik tog nie kan bewaar van smart of swaarkry en ontnugtering nie.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat 'n mens hier te make het met 'n vorm van samewerkende versmelting. Die inwerking van die motto as betekenisdomein op die verhaal se verskillende betekenisdomeine kan soos volg beskryf word:

Die eerste betekenisdomein van die versmelting van die motto en musiek as uiting van Milla se gevoelens en emosies, is die musiekmotto. Die tweede betekenisdomein is die teksverwysings waar musiek aangewend word as klankbord vir Milla se gevoelens en emosies. Die outeur aktiveer dus sekere betekenisdomeine – in hierdie geval die motto. Die outeur plaas die motto in die bevoorregte beginposisie, wat meebring dat die leser dit outomaties as belangrik beskou. Die eerste betekenisdomein, die motto, is dus deur die skrywer daar geplaas. Die aktivering van die versmelting word nou egter aan die leser oorgelaat. Dit hang van die leser af om die tweede betekenisdomein, die teksverwysings oor musiek as uitingsmiddel van Milla se gevoelens en emosies, met die aanvangsdomein in die motto in verband te bring. Die leser moet dan hierdie twee domeine as't ware oormekaar skuif en met mekaar versmelt om nuwe betekenisse te aktiveer. Die leser moet die nuwe betekenis wat deur die versmelting gevorm word, raaksien.

Die motto word gestel as 'n vaste pool wat die teëpool van die verwysings in die teks word. Elke verwysing is vol ironieë, dit werk die hele tyd teen die motto in.

Soos die inhoud van die motto vereis, word Milla uitgebeeld as 'n karakter wat musiek aan die hart druk en as haar eie aanneem. Dit word 'n bepalende aspek van haar persoonlikheid. Musiek gee haar rus vir haar siel en laat haar rustig voel. Dit dien ook as 'n instrument vir die verwerking van slegte dinge wat met haar gebeur. Dié verwerking veroorsaak dat sy nie heeltemal ineenstort nie, met ander woorde die musiek hou haar staande en bevorder selfs haar menslike "groei". Die suggestie is ook dat die musiek haar van die nare werklikheid af wegneem, dat dit dan juis die hoër geestelike vermoëns van 'n mens, ook van Milla, is wat deur die musiek geaktiveer word. Dit plaas haar op 'n bepaalde sosiale vlak of ontwikkelingsvlak. Ironies genoeg is die musiek waarna die FAK se inleiding verwys en die musiek waaraan Milla voorkeur gee, nie dieselfde nie.

Dit is asof die outeur Milla se gemoedtoestand uitbeeld deur die representasie van haar belewenis van musiek. Milla kan nie sonder musiek leef nie. Musiek kry byna magiese kragte in die roman. Dit kan Milla van haarself, haar gevoelens en emosies red. Milla word uitgebeeld as 'n emosionele en soms ook neurotiese mens, maar haar balans kan deur musiek herstel word.

3.1.2 Musiek as karakteriseringsmiddel

Soos reeds genoem, is musiek karakteriserend van Milla se persoonlikheid. Hierdie aspek van musiek vorm die volgende versmelting wat tussen die motto en musiekverwysings plaasvind. Die vele fasette van die motto wat telkens deur nuwe kombinasies met ander teksgedeeltes tot stand kom, ondermyn alle voor die hand liggende interpretasies in 'n voortgaande proses deur die hele roman heen.

Die uitbeelding van Milla se verhouding met die karakters rondom haar is beeldend van die feit dat hulle nie haar liefde vir musiek verstaan nie. Benewens haar pa, verwerp Jak, Beatrice en die vroue van die gemeenskap die musiek waarna sy luister:

> Vir 'n paar maande op 'n keer kon jy 'n leeskring aan die gang hou, of 'n musiekbeluisteringskring, maar die vrouens het stilswyend in jou voorhuis gesit. Asof die musiek van Schubert en Brahms en Mahler hulle skaam gemaak het. Bach was aanvaarbaar. Het genoegsaam na kerk geklink. [...] Jy was nie soos hulle nie. (Van Niekerk, 2004:96.)

Hulle verstaan nie dat sy musiek nodig het as klankbord van haar gevoelens nie. Dit is asof sy haarself deur die musiek beleef. Haar pogings om musiek met ander te deel, is aanduidend van Milla se alleenheid op die plaas voordat sy Agaat kry. Deur musiek te gebruik, stel die outeur Milla se isolasie van ander karakters voor. Musiek maak 'n belangrike deel van Milla se lewe uit, en haar man en vriendinne distansieer hulle geheel en al daarvan. Jak noem dit "die konsistorie-naaimasjien" (Van Niekerk, 2004:40) en Beatrice blameer die musiek vir die depressiewe toestand waarin Milla haar na Jakkie se geboorte bevind. Milla word uitgebeeld as 'n persoon wat nie regtig 'n sielsgenoot het nie. Deur dié uitbeelding van Milla word die leser deels voorberei op wat in die roman gaan volg. Die leser kan beter verstaan waarom Milla Agaat in haar huis inneem en haar soos haar eie kind grootmaak. Milla is eensaam en soek iemand om haar liefde vir musiek en ander dinge te deel. Dit is egter ironies dat Agaat nie 'n keuse gegun word nie; sy kan nie kies of sy van musiek, borduurwerk of die boerdery hou nie.

Milla ervaar musiek individualisties, sy steur haar nie aan Jak of die vroue in die gemeenskap se afkeurende houding teenoor haar musiek nie. Sy luister ook nie net musiek wat vir die gemeenskap aanvaarbaar is nie; sy luister na dit wat vir haar belangrik en betekenisvol is. Die vraag ontstaan of dit dalk vir Milla noodsaaklik is om juis anders te wees? Sy luister juis na dié soort musiek wat vir Jak en die res van die gemeenskap nie aanvaarbaar is nie.

Dit is ironies dat die FAK-sangbundel, wat sy vir Agaat gee as 'n primêre bron van musiek, juis deur die gemeenskap geskep en aanvaar word. Dit is Milla se manier om Agaat deel van die

gemeenskap te probeer maak. Agaat gebruik dan ook hierdie musiek, maar op haar eie manier en op haar eie voorwaardes. Tydens Milla se siekte speel Agaat vir haar musiek, die afleiding kan gemaak word dat sy weet wat dit vir Milla beteken. Agaat speel egter net musiek wat sy kies, dit geskied op haar voorwaardes. Op dié manier neem sy ook wraak op Milla, deur Milla nie toe te laat om die musiek te kies nie.

Soos met alles in Milla se lewe, dwing sy die musiek ook op Agaat af. Agaat en haar hantering van musiek is deel van die musiekversmelting in die roman. Milla wil hê die musiek moet Agaat ook troos soos dit vir haar 'n troosmiddel is. As sy die buitekamer vir Agaat regmaak, sing sy die FAK-liedjies saggies vir haarself en wonder of die musiek Agaat ook gaan troos:

> Die ou FAK het my bietjie opgebeur. Het saggies dat niemand my hoor nie daar agter vir myself sit en liedjies sing. Die brug op ons plaas Op die dood van die uil Op my ou ramkietjie By die ou meulstroom. Sal dit haar ook troos? Die idee dat sy daar agter alleen sal sit en sing. Toe sit ek die sangbundel weer weg want toe wil ek weer net huil. (Van Niekerk, 2004:78.)

Sy wil haar liefde vir musiek op Agaat projekteer. Agaat se groei as mens moet ook aan musiek gekoppel word. Sy wil van Agaat 'n tweede Milla maak. Soos reeds genoem, het Agaat egter nie 'n keuse om van die musiek te hou of nie. Sy kan nie eers self die tipe musiek kies nie, die FAK word as vanselfsprekend aan haar voorgehou. Die musiek word aangewend om Agaat te beskaaf en om haar deel van die beskawing te maak. Agaat bereik die verlangde vlak van kennis en vaardigheid, sy kan alles perfek doen wat Milla haar geleer het, selfs beter as wat Milla dit kan doen. Nogtans word daar nie aanvaar dat sy die regte beskawingsvlak, soos die musiek veronderstel is om te verskaf, bereik nie. Vir Milla verander Agaat se pogings tot musikale gedrag nie die werklikheid van hulle lewens nie, sy behandel Agaat nog steeds soos 'n bediende en 'n mindere. Alhoewel Agaat die beskaafdheid bereik wat Milla wou gehad het, verander haar posisie as mens nie en word sy nog steeds soos 'n bediende behandel. Agaat word nooit werklik geag as deel van die gemeenskap of selfs van die beskawing nie; as gevolg van haar velkleur sal sy altyd 'n buitestander bly. Hierdie feit veroorsaak 'n verskeurdheid in Milla. Sy het Agaat alles

geleer wat haar tot beskawing moes bring, maar sy weet ook dat Agaat nie as deel van die "beskaafde", "wit" gemeenskap beskou word nie. Ten spyte van al die "beskaafdheid" wat vir Agaat geleer word, wat op haar afgedwing word, kan Milla nie verander wie en wat Agaat is nie, nie eens in haar eie oë nie. Agaat gaan nooit werklik vir Milla "beskaafd" genoeg wees nie. Agaat se gebruik van musiek is beeldend van hierdie feit. Agaat ontwikkel wel, maar omdat sy bruin is, beteken haar ontwikkeling nie dat sy as 'n gelyke beskou word nie. Haar plek in die gemeenskap word steeds deur ras bepaal. Sy is op grond van die ras waaraan sy behoort in 'n sekere rol en plek in die gemeenskap vasgevang, 'n rol en 'n plek waaraan sy nie kan ontsnap nie.

Daar bestaan dus op meerdere maniere 'n diskrepansie tussen die geïdealiseerde rol van musiek soos die motto dit weergee en die "werklikhede" wat in die roman beskryf word. Agaat neem sekere aspekte van Milla se uitkyk op die lewe en musiek oor, en die manier waarop dit uitgebeeld word, kan as 'n betekenisdomein beskou word. Net nadat Jakkie gebore is, sê sy vir Milla:

> [...] kom ons sit daar 'n rukkie in die skadu van die wilgers kom ons sing vir hom dat hy kan mens word (Van Niekerk, 2004:212).

Die verhaal suggereer dat 'n kind eers werklik mens kan word as hy musiek gehoor het – 'n gedagte wat by die motto aansluit – aangesien die inleiding van die sangbundel die groei van die volk wil vertolk. In hierdie gedeelte word musiek as onontbeerlik vir die uitbreiding van 'n mens gestel. Jakkie se groei tot 'n volwaardige mens is van musiek afhanklik. Hier word ook 'n ironiese situasie uitgebeeld. Milla het Agaat leer sing en nou wil Agaat hê hulle moet vir Jakkie tot menswees sing, soos Milla met Agaat gedoen het.

Musiek is dus 'n baie belangrike karakteriseringsmiddel in die roman. Die versmelting bring ook verskeie nuwe betekenisse na vore. Die eerste betekenisdomein van die versmelting van die motto en musiek as karakteriseringsmiddel is die musiekmotto. Die tweede betekenisdomein is die teksverwysings waar musiek gebruik word as karakteriseringmiddel, van óf Milla óf Agaat.

Hierdie tipe versmelting, soos die vorige versmelting, kan gesien word as 'n samewerkende versmelting.

Die inleiding van die sangbundel vra dat die Suiderland se bloed en bodem in die musiek gevind moet word. Niemand weet presies wat die Suiderland is of wie dit bepaal nie. Die suggestie ontstaan dat die Suiderland Suid-Afrika is. Die Suiderland word egter slegs deur sy blanke inwoners gekarakteriseer. Dit is presies wat in die volgende teksgedeelte in die roman uitgebeeld word. Milla maak 'n grappie met Beatrice deur dood te speel. Milla speel dood as 'n soort wraak op Beatrice se skynheiligheid en aansitterigheid. Milla se "dood" en Beatrice se histeriese reaksie, ontstel Agaat omdat sy dink Milla is regtig dood. Daarna begin Agaat sing in die voorhuis. Sy sing egter nie net vir Milla nie, sy sing ook vir haarself. Soos Milla wou gehad het, gebruik Agaat ook musiek as 'n troosmiddel – iets wat haar innerlike kalmeer. Trouens, Agaat moet haarself troos omdat Milla nooit as trooster vir haar beskikbaar is nie. Soos die motto ook vra, word die Suiderland se bloed en bodem ook in hierdie liedjie konkreet ervaar. Miskien nie heeltemal die hele Suiderland nie, maar definitief die plaas se bloed en bodem. Agaat 'sing' basies die plaas vir Milla, hoewel die lied ironies nie in sy ontstaan met Suid-Afrika se suide te make het nie. Deur die liedjie beleef Milla die dinge van die plaas wat sy as gevolg van haar siekte nie self kan beleef nie. Ironies genoeg, bly dit egter net 'n "hartseer liedjie":

> ek hoor 'n noot, 'n frase. Dan kry sy die wysie. Dan kry ek hom. Dis vir my, Agaat, ek weet, sing vir my daar in die voorhuis. *Blow the wind southerly*, neurie sy. [...] Sing Agaat. Sing maar die ou-ou wysie. Sing die liedjies van weleer. Die musiek van die voorhuis. Sing van die wind om die hoeke van die huis, die suidooster, die noordwester. [...] Sing maar saggies van die aand wat gekom het en van die aandkos, die wors en die eiers en die rooi tamaties en die vars brood [...] Sing maar, dat jy getroos mag wees. Want dit moet jy nou vir jouself doen, soos jy dit nog altyd moes doen. [...] Ek verstaan. Jy dink nie my grap vanmiddag was snaaks nie. Dis 'n hartseer liedjie, dit is al. (Van Niekerk, 2004:293.)

Die uitbeelding van Agaat in hierdie gedeelte beklemtoon die feit dat sy die "musiek van die voorhuis" moet sing. Die musiek wat in die voorhuis gespeel word, is Milla se musiek. Die musiek wat Milla die meeste speel, is Europese musiek. Die liedjie wat Agaat neurie, is dan ook

een van Milla se Europese liedjies. Agaat moet "die liedjies van weleer", "die musiek van die voorhuis", "van die aand wat gekom het" en "die wind om die hoeke van die huis" sing. Agaat begin wel met 'n Europese lied: "Blow the wind southerly", maar sy eindig tog met die musiek van Afrika. Die musiek van Afrika is die wind wat om die hoeke van 'n huis huil, die son wat sak en die aand wat "gekom" het. Alhoewel Agaat en Milla albei deel het aan die Suiderland, dit is immers hul geboorteland, is hul ervaring van die Suiderland, volgens Milla, verskillend omdat hulle aan verskillende rasse behoort. Agaat bly soos die buitestander voel, al doen sy alles wat Milla van haar verlang.

Milla span egter ook musiek, wat so belangrik is in haar vorming as karakter, in as 'n manier om haarself te bluf. Sy probeer byvoorbeeld haarself in die bui kry om na Jak toe te gaan vir 'n nag van passie. Musiek word die instrument wat haar in staat stel om haarself te probeer bluf. Die musiek waarna sy luister, laat haar glo dat daar nog iets van haar huwelik oor is, en sy wend 'n poging aan om vir Jak te verlei.

> Saans laat as jy alleen was, het jy jouself in die stemming probeer bring met wyn, met jou ou stukke bladmusiek, begeleidings, byna vergete, wat jy uit die klavierstoeltjie opgediep het en hortend vir jouself gespeel het en daarby gesing het [...]
>
> Die musiek het jy uitgekies om by jou stemming te pas. Jak het gewoonlik sy oë gerol vir jou musiek, 'n Strausswals kon hy nog net-net verdra. Maar dit was nie 'n nag vir Weense walse nie, dit was 'n nag vir altviole, vir mezzosoprane, vir donker, melankoliese seks. [...] Sal jy ooit die mismaakte lied vergeet, die verraderlike geur van vinkel? (Van Niekerk, 2004:356, 357, 361.)

Haar poging om Jak te verlei misluk en hy verwerp haar. Agaat is natuurlik 'n toeskouer van hierdie konfrontasie tussen Milla en Jak. Die musiek bedrieg Milla en veroorsaak dat sy 'n gek van haarself maak. Die romantiese musiek laat haar glo dat daar nog iets van haar huwelik te red is en dat daar nog liefde tussen haar en Jak kan wees.

> Dit was die laaste keer, het jy besluit, dat jy weens Duitse musiek in 'n klug sou beland in jou eie voorhuis.
>
> Dit is hoe jy dit afgemaak het. 'n Klug. (Van Niekerk, 2004:362.)

Die musiek wat veronderstel is om haar wasdom en ontwikkeling, selfs die groei van hulle huwelik, te bewerkstellig en te ondersteun, laat haar in die steek. Hier word musiek ook aangewend om die mislukte huwelik te karakteriseer. Milla dink musiek sal as 'n reddingsmiddel vir haar huwelik dien, maar dan gebeur die teenoorgestelde. Haar enigste vertroueling in haar alleenheid faal haar ook en sy bly alleen en bedroë agter omdat alles 'n klug word. Ironies genoeg is dit juis die Europese musiek, dié musiek waarvoor Milla so lief is, wat haar hier in die steek laat. Haar "Europese" leefwyse en die karakter wat sy deur dié musiek wil skep, is eintlik niks anders nie as 'n leuen of selfbedrog. Haar huwelik is 'n bewys hiervan.

3.1.3 Musiek as wraakmiddel

In die roman word beskryf hoe in 'n gevorderde stadium van Milla se siekte, Agaat aan die slaap raak langs die bed terwyl sy Milla se voete vashou. Dit gee Milla die geleentheid om een van Agaat se geborduurde keppe ongestoord te bestudeer. Die afleiding kan gemaak word dat Agaat haar keppe, wat al hoe hoër groei en al hoe digter geborduur word, gebruik as verweer, vertoon van identiteit en selfs om aggressie teenoor Milla en Jak uit te beeld. Musiekvoorwerpe en -temas figureer opvallend in die borduurwerk op die keppe en word as deel van Agaat se borduurwerk ook as 'n wraakmiddel aangewend. Die keppe en borduurwerk word later in die hoofstuk bespreek.

Milla het Agaat grootgemaak en het haar liefde vir musiek vir Agaat geleer, dit is dus te verstane dat Agaat musiektemas sal gebruik om haar keppe mee te borduur. Musiek speel ook 'n groot rol in Agaat se lewe, dit is hoe Milla haar geleer het en dit is hoe sy dit aangeneem en haar eie gemaak het. Juis deur haar keppe met musiekskrif te borduur maak sy die musiek wat Milla haar geleer het, haar besit en nie Milla s'n nie. Sy weier om die musiek wat sy van Milla geleer het op

die konvensionele manier aan te wend. Sy neem eintlik wraak op Milla deur die musiek op 'n onkonvensionele manier toe te pas:

> Speel my oë my parte hier? 'n Ontwerp van musiekskrif sien ek, note en sleutels en balkies. Soos die lig helderder word en uitdoof deur die prieel op die stoep, deur die panele van die glasdeur, deur die gaasvoering van die gordyn, kan ek uitmaak wat daar uitgewerk is. Sien ek reg? 'n Harp lyk dit, 'n dubbelfluit, 'n tamboeryn, 'n trompet, die nek van 'n luit. En hande sien ek, al die polse gebuig, alle vingers op snare en gate en stoppe (Van Niekerk, 2004:386.)

Vir die interpretasie van hierdie teksgedeelte is dit belangrik om daarop te let dat die musikante wat op Agaat se kep geborduur is, misvorm is. Die musikante het engelvlerke, maar tog lyk hulle wreed en misvorm. Die engelvlerke word aan vreesaanjaende musikante vasgeheg. Iets so mooi soos 'n engel, word lelik, onrein en grusaam gemaak. Die musikante het verskillende liggaamsdele van diere, die trompetspeler het 'n snoet van 'n vark, die harpiste het 'n vlermuis se bek en die res van die diere speel die instrumente met bolkieste en klein tandjies. Al die diere op Agaat se kep is wrede, onrein diere. Nie een van die diere word met liefde, sagmoedigheid of selfs dapperheid geassosieer nie. Inteendeel boesem 'n vlermuis, wolf en 'n rot vrees by mense in.

> [...] Maar ek kan nie ophou kyk nie. Dis soos kyk in die wolke. Alles is moontlik. Vlerke lyk dit, engelvlerke. Met swierige boë staan hulle uit agter die rûe van die musikante. Maar die trompetspeler het 'n varkensnoet. En die bek van die harpiste is 'n vlermuis s'n. 'n Wolf klop grynsend die tamboeryn. 'n Bobbejaan met bolkieste blaas die dubbelfluit, 'n rot met klein tandjies, hang kwylend oor die luit. (Van Niekerk, 2004:386.)

Die musiekinstrumente wat op haar kep geborduur is, is instrumente wat tydens die Bybelse tyd bestaan het en gebruik is. Hierdie instrumente skakel met die engelvlerke wat die musikante het. Dit bring die hele godsdienstige aspek van hierdie spesifieke kep van Agaat in. Die instrumente word in die roman gebruik as die simbole van die Christelike geloof. Dit word egter deur onrein diere bespeel, dié diere is in die Ou Testamentiese tyd as onrein beskou, dink byvoorbeeld hier aan veral die vark. Die Bybelse musiek word deur onrein diere bespeel. Die onrein diere stel die goddelose mense voor. Ten spyte van alles wat Milla sê, toon Agaat met hierdie uitbeeldings aan

Milla hoe dit vir haar voel as daar na haar gekyk word. Binne die apartheidstelsel voel mense van ander rasse minderwaardig en selfs dat hulle as goddeloos beskou word, al is apartheid in godsdienstige terme geregverdig. Die "onrein diere" is dus eintlik die swart- en bruinmense, wat nie deel aan die wit geloof en die Christelike samelewing mag gehad het nie.

Nog 'n voorbeeld waarin Agaat musiek teen Milla inspan, is wanneer Agaat musiek as kamoefleermiddel inspan:

> Ek ken dit, die uit die bloute musiekaansittery. Begeleiding by die maal as sy nie lus is om met my te praat nie.
>
> Kamoeflering is die musiek soms. As daar kuiergaste kom. [...] Sodat ek nie moet hoor wat sy met hulle in die voorhuis bespreek nie. (Van Niekerk, 2004:412.)

In genoemde voorbeelde, waar musiek as wraakmiddel ingespan word, is die musiekmotto telkens die eerste betekenisdomein van die versmelting en die tweede betekenisdomein is die teksverwysings waar musiek aangewend word as wraakmiddel. Soos die vorige versmeltings, kan hierdie ook beskou word as 'n samewerkende versmelting.

Hier gebruik die outeur nie musiek om menslike groei en vordering uit te beeld nie, maar eerder Agaat se wraak op Milla. Agaat wys vir Milla hoe Milla na haar kyk, dit is hoe sy voel sy deur Milla gesien word. Sy kaats dus Milla se blik vir haar terug deur haar keppe te gebruik. Haar kep beeld ook die politieke situasie van daardie tyd uit. Die swart- en bruinmense is as goddeloos en onbeskaafd beskou. Die musiek is nie iets moois nie, maar eerder 'n verwronge angsbeeld. Agaat gebruik die musiek teen Milla. Dit wat mooi en goed kon gewees het, word nou deur Agaat geperverteer omdat sy in haar magteloosheid binne die politieke en kulturele stelsel geen ander manier het om te wys hoe sy haar posisie ervaar nie. Dieselfde geld wanneer Agaat tydens Milla se siekte vir haar musiek speel. Agaat kies natuurlik watter liedjies om vir Milla te speel. Dit is ironies dat Agaat nou hier die keuse van musiek maak en nie meer Milla nie, maar sy probeer om deur die musiek iets vir Milla te sê, hoewel die boodskap Milla nie bereik nie. Milla wil egter ook nie hierdie boodskappe van Agaat raaksien nie, want sy kan nie buite die politieke en

ideologiese stelsel van haar tyd dink of tree nie. Agaat kan nie help om met 'n tikkie leedvermaak op te merk nie:

> Jy hou mos van jou musiek, Ounooi (Van Niekerk, 2004:20).

3.1.4 Musiek as skeidingsmiddel

Musiek word ook ingespan as 'n manier om verwydering tussen Milla en Jakkie te bewerkstellig en in die roman voor te stel. Dit is nie Milla wat vir Jakkie liedjies leer nie, maar Agaat. Soos Milla vir Agaat die liedjies geleer het, leer Agaat dit ook vir Jakkie:

> Lyk my mos Jakkie het perfekte gehoor. Hy sing van kleins af al die liedjies wat hy by A. hoor & daar sing hy vanaand by die Kersboomdiens [...] stoksielalleen sonder begeleiding [...] Ai my hart! Wat sou sy oupa tog nie gesê het nie? (Van Niekerk, 2004:329.)

Milla glo dat dit haar plig as Christen is om Agaat op te voed en te beskaaf. Sy skryf nooit in haar dagboeke hoe sy Agaat gekry het nie. In die dagboeke skryf sy slegs haar "opdrag" om Agaat op te voed neer. Tydens Agaat se kinderjare, voor Jakkie gekom het, leer Milla Agaat alles wat sy van musiek weet. Daar is geen beter leermeester as Milla nie; sy leer Agaat alles wat sy moontlik kan. Milla wou gehad het dat Agaat ook soos sy moes voel oor musiek, dat Agaat se groei ook afhanklik moet raak van musiek:

> A. kan nie genoeg kry van musiek nie. Speel vir hr Pa se ou plate op die opwengrammofoon. Sy hou die meeste van die liedere, as ek een keer die storie & die woorde vertel het wil sy dit oor en oor luister [...] Ek speel dit tot ons stukkies saam kan sing. [...] Sy ken al baie FAK-liedjies & heelwat psalms & gesange. Ons sing dit in die oggend as ek hr wakker maak & saans as sy gaan slaap & as ons werk in die kombuis of skape toe ry. Leer haar die tweede stem Liewe maan & Laat my langs die heide wandel is hr beste. (Van Niekerk, 2004:654, 655.)

Die kompleksiteit van Milla en Agaat se verhouding word ook deur die musiek geïllustreer, Milla speel vir Agaat Europese en Afrikaanse musiek. Sy vertel die vreemde verhale van die musiek vir Agaat. Vandat Agaat klein is, leer Milla haar om in die tweede stem te sing. Een van die liedjies is "Liewe maan". Dit is ook die liedjie wat gekies word tydens Jakkie se geboorte. Milla wil dit egter nie hoor nie en verkies iets met 'n vinniger ritme. Die liedjie het duidelik betekenis vir Agaat; dit is een van die liedjies wat sy geleer het toe sy nog heel klein was. Sy vind dit gepas om tydens Jakkie se geboorte te sing. Jakkie gaan grootgemaak word op dieselfde manier as wat Milla Agaat grootgemaak het. Ironies genoeg vind Agaat ook aanklank by die Europese musiek waarvoor Milla so lief is. Nogtans kan selfs hierdie ooreenkoms nie die gaping tussen die twee vroue oorbrug nie.

Die uitbeelding van die verhouding tussen Milla en Agaat in die periode waarin Milla Agaat opvoed, geskied meermale ooreenkomstig die verskillende aspekte van musiek en dit bring uiteindelik 'n uitgebreide betekenisdomein tot stand. Milla sien Agaat nie as 'n persoon nie, maar eerder as 'n instrument wat bespeel moet word. Vir haar is Agaat iets wat sy na haar hand kan grootmaak, soos reeds genoem, 'n tweede Milla. Sy wil Agaat se groei voorskryf, sy wil Agaat nie toelaat om haar eie besluite te neem nie. Sy beskou Agaat as haar "bruin klavier":

> Ek speel klaviernote vir haar en dan druk ek op plekkies op haar gesig en gee 'n klankwaarde aan elke plek. Sy is my klein bruin klavier sê ek, ek sal haar vol note speel tot sy klink soos 'n konsert. (Van Niekerk, 2004:546, 547.)

Later in die roman, as Agaat haar doodsrok vir haar aanpas, besef Milla dat sy nooit werklik vir Agaat geken het nie. Agaat bly altyd die onbekende, die onbereikbare. Sy het haar probeer maak tot iets wat sy nie was of wou wees nie:

> [...] O, my ou klavier, ek ken haar nie, haar gesig 'n treurende ruïne.
>
> Is dit goed genoeg om in begrawe te word? vra sy met haar oë. (Van Niekerk, 2004:605).

Die afleiding uit bogenoemde gedeeltes is dat hierdie versmelting ook gesien kan word as 'n samewerkende versmelting. Die outeur aktiveer die musiekmotto voorin die roman, dit hang verder van die leser af om die ander betekenisdomein, in hierdie geval die gedeeltes waar musiek as skeidingsmiddel voorkom, te aktiveer. Die aktivering van die versmelting hang ten volle van die leser af.

Agaat word uitgebeeld as 'n instrument, iets wat nie gevoelens of 'n eie denkwyse het nie. Ironies genoeg leer Milla nooit werklik om Agaat te "bespeel" nie – daar sal altyd 'n gaping tussen hulle wees. Agaat wat moes klink soos 'n konsert, word 'n ruïne. Haar lewe as 'n klavier word aan die einde van haar lewe gereduseer tot 'n ruïne. Daar is tog in 'n mate liefde in Milla se hart en gedagtes vir Agaat, maar die verwydering tussen hulle oorheers. As die betekenisdomein van die motto geneem word, met die betekenisdomein van Agaat as 'n klavier vergelyk word, is dit duidelik dat Agaat se groei as deel van die volk nie werklikheid word nie. Die enigste "volk" waarvan Agaat deel is, is die swart volk. Ironies genoeg is sy eintlik ook nie deel van die swart volk nie. Aan die einde van die roman word sy as baas aangestel oor die werkers en die plaas. Die werkers beskou haar nie as een van hulle nie. As 'n klein kind, spot hulle met haar en as grootmens het hulle 'n heilige ontsag vir haar.

Milla se lewe word gelykgestel aan musiek. Milla se lewe self word soos musiek. Voor sy sterf, besef sy dat musiek nie musiek is as dit vir ewig aangaan nie:

> En die lied? Het ek dit gehoor toe? Die lied waarvan die einde is soos die begin? Gedemp uit 'n donker plek?
>
> Hulle is geplaas vir die finale akkoord. Vir die laaste afknie. [...] Daar is niks meer wat ons aan jou saligheid kan doen nie. 'n Brood is 'n brood so gemeng en so gerys en op 'n sekere punt moet hy gebak kom. En musiek is nie musiek as dit vir ewig aangaan nie. Daar is 'n introïtus en 'n amen. [...] Selfs 'n fantasie vir soloharp moet voldoen aan die eis van beëindiging. Eenkeer aangeraak, eenkeer gespeel, moet selfs die laaste noot uiteindelik wegsterf uit die vlerk. (Van Niekerk, 2004:668, 669.)

Soos musiek wat 'n begin en 'n einde het, moet haar lewe ook tot 'n einde kom. Haar hele lewe was soos 'n konsert, 'n konsert met hoogtepunte en laagtepunte. Maar enige konsert het ook 'n einde.

Selfs op Milla se doodsrok borduur Agaat musiek. Die musiek wat sy borduur, lyk soos 'n help-my-sterf-boek. Nie eens die dood kan Milla en musiek skei nie. In haar graf gaan sy omring wees deur musiek, Agaat het daarvoor gesorg. Agaat het vir Milla 'n doodsrok vol musiek met haar borduurwerk gekomponeer.

> 'n Stuk bladmusiek? Wat sou dit wees? As Agaat kon komponeer? 'n Simfoniese toondig? Of programmusiek, soos Karnaval van die Diere? 'n Aria vir twee vrouestemme en plaasgeluide?
>
> Maar nee, dis nie so fraai nie. Hier in die middel langs lyk dit soos 'n bladsy uit 'n hulpboek, 'n help-my-sterf-boek, 'n doen-dit-self-boek met illustrasies, al die inligting in byskrifte rondom die liggaam in doodskishouding daar geborduur, die hande reeds gevou op die bors: 'n Vrou in 'n rok in 'n vrou in 'n rok sal ek wees. (Van Niekerk, 2004:674.)

Uit hierdie aanhaling is dit duidelik dat Milla se lewe met musiek eindig, iets wat deur haar hele lewe 'n belangrike rol vir haar gespeel het. Die feit dat Agaat musiek op Milla se doodsrok borduur, wys dat Agaat tog lief is vir Milla. Agaat weet hoe belangrik musiek vir Milla is en sy sorg dat Milla selfs in haar graf musiek gaan hê, maar die bittere ironie van die vreemde vermenging van toegeneentheid en verwydering in die verhouding tussen die twee vroue word in die uitbeelding van musiek en die musikale temas in die borduurwerk meer as duidelik.

3.2 Borduurwerkmotto en versmeltings

Die tweede motto in die roman is geneem uit die Voorwoord van die borduurboek, *Borduur só*:

> Dit is die mooie, die waardevolle van hierdie boek: dat dit uit liefde gebore is en tot liefde inspireer, daaraan kan niemand twyfel nie. En daarmee word 'n groot diens gelewer aan die volk, want wie vir skoonheid voel, op watter gebied ook al, het 'n bydrae te lewer tot die kulturele ontwikkeling van die volk.
>
> Die gebied wat in dié boek betree word, is 'n spesifiek vroulike en dra daardeur by tot die verfyning en verfraaiing van die huislike atmosfeer. So 'n atmosfeer onderskei die kultuurbewuste volk van die onbeskaafde.

Die voorwoord van die borduurboek kan beskryf word as die eerste betekenisdomein van die borduurwerkversmelting wat in die roman plaasvind. Die tweede betekenisdomein is die verskillende belangrike plekke waar borduurwerkverwysings telkens in die teks voorkom. Die versmelting is die interpretasie van die motto en die borduurwerkverwysing in die teks en die interpretasie van die versmeltings a.g.v. die ineenvloeiing van hierdie twee denkruimtes.

Soos met die musiekmotto, word die borduurwerkmotto aan die begin van die roman geplaas. Die motto speel ook 'n kodifiserende rol in die roman en borduurwerkverwysings kan deur die hele roman waargeneem word. Die skrywer ondermyn egter deur die hele roman heen hierdie motto.

Die voorwoord verklaar dat die boek oor borduurwerk uit liefde gebore is en tot liefde moet inspireer. In die roman inspireer die boek ironies nie tot liefde nie, Milla is die een wat die boek vir Agaat gee en haar leer om te borduur. Milla behandel Agaat dikwels sonder liefde. Inteendeel, sy behandel Agaat soms nie goed nie. Milla is lief vir Agaat, maar Agaat kwalifiseer as't ware, as gevolg van haar ras en ideologie, nie vir die liefde nie. Dit veroorsaak 'n verskeurdheid in Milla. Sy "mag" nie eintlik lief wees vir Agaat nie, maar tog is sy. Haar verskeurdheid vererger toe sy haar eie kind kry. Die lesers van die borduurboek mag nie twyfel

dat die boek tot liefde inspireer nie, maar die roman gee nie regtig enige bewyse van hierdie liefde nie. Dit het die gevolg dat die leser die borduurboek in twyfel trek en nie in die geloofwaardigheid van die boek glo nie. Die outeur skryf die roman teen hierdie motto in, wat veroorsaak dat die motto ondergrawe word.

Die voorwoord van die boek sê dat die boek 'n groot diens aan die volk lewer. Agaat gebruik die borduurboek haar hele lewe lank. Alles wat sy van borduurwerk weet, het sy uit dié boek geleer. Agaat word egter nogtans nie as deel van die "volk" beskou nie, al is sy die enigste een wat die boek gebruik.

Uit die roman kan afgelei word dat Agaat nie eintlik iets vir skoonheid voel nie, alhoewel haar borduurwerk uitsonderlike voorbeelde van borduurwerk is. Om te borduur is vir haar eerder 'n manier van wraak neem op Milla. Sy span ook die borduurwerk in as 'n manier om aggressie te toon en om haar te verweer. Dit is 'n soort kommunikasie, 'n boodskap aan Milla. Milla reageer nie juis op hierdie boodskap nie, die enigste keer dat sy werklik daarop reageer, is as sy haar doodsrok sien.

Deur haar borduurwerk lewer sy inderdaad 'n bydrae tot die kulturele ontwikkeling van die volk, soos die boek verklaar, 'n persoon wat borduur sal doen. Agaat se kulturele bydrae word egter nie erken nie. Sy kan beter as Milla borduur, maar dit maak haar nie deel van die "volk" nie. Haar borduurwerk dra alleenlik by tot haar eie ontwikkeling.

Agaat het nie werklik 'n huis van haar eie nie. Sy kan aanvanklik nie eers haar eie buitekamer versier nie, dis eers later dat Milla haar toelaat om 'n kaggel te kry en dit te versier. Die enigste verfraaiing en verfyning wat sy vir haarself kan doen, is die borduurwerk op haar keppe. Die gevolgtrekking waartoe hierdie situasie lei, is dat Agaat die borduurwerk gebruik om die klere wat sy gedwing is om te dra, te verfraai en haar stempel daarop af te druk. Dit help haar dat sy meer soos 'n mens voel en minder soos 'n bediende. Dit is haar manier om aan haarself eiewaarde en 'n identiteit te gee. Namate Agaat ouer word, word haar keppe al hoe hoër en haar voorskote al hoe dikker geborduur. Dit is haar manier van selfverweer en selfhandhawing.

Die boek verklaar dat borduurwerk die kultuurbewuste van die onbeskaafde sal onderskei. Ironies genoeg, alhoewel sy borduur, word Agaat nie beskou as deel van die kultuurbewuste volk nie. Agaat word egter nog steeds beskou as onbeskaafd. Sy bereik nooit die beskaafdheid wat die boek belowe nie, al borduur sy hoe goed.

3.2.1 Die borduurboek as instrument in die "skepping" van Agaat

Die borduurwerkmotto word in verskillende vorme in die teks aangetref. Milla gee die borduurboek vir Agaat as 'n manier om haar ledige uurtjies in die buitekamer mee te vul. Milla onderstreep die inleiding in die borduurboek vir Agaat. Sy vind dit heel inspirerend en wil hê Agaat moet dit ook lees en belangrik vind. Dit is egter ironies dat die inleiding glad nie op Agaat van toepassing is nie en nooit sal wees nie, ongeag hoe goed sy kan borduur. Agaat sal altyd as gevolg van haar ras en ideologie van die (blanke) volk afgesny bly.

> [...] al A. se ander leesstof uit die krat gehaal waar ek dit gebêre het lees toe die inleiding deur Haar Edele Mevr. Dr. Verwrd in die borduurboek & dis toe heel inspirerend: Die boek uit liefde gebore vir die ontwikkeling van die volk & die huislike atmosfeer wat borduurwerk skep want dis die merkteken van 'n kultuurbewuste nasie het die woorde onderstreep en voorin geskryf: Mag hierdie boek jou nog veel plesier verskaf in die leë uurtjies op Gdrift. Dit lyk so droog maar wat anders kon ek nou skryf? Toe nog 'n plan gekry. 'n Potlood en mes om dit mee skerp te maak binne gaan kry & leë notaboekie uit J. se kantoor in hoofletters voorop geskryf: My eie Patrone en Ontwerpe moes hard druk want die buiteblad was van gladde papier en die potlood wou nie lekker vat nie & toe die borduurboek weer gebêre in die krat met die notaboekie daar bo-op. (Van Niekerk, 2004:78.)

Die borduurboek moet vir Agaat plesier verskaf, maar eintlik het Milla dit net vir haar gegee om haar gewete te sus omdat sy Agaat na die buitekamer skuif. Milla gee selfs vir haar 'n notaboekie waarin Agaat haar eie ontwerpe kan skryf, min wetend dat Agaat juis haar eie vreemde ontwerpe op haar keppe gaan borduur. Die potlood, wat Milla gebruik om in die borduurboek te

onderstreep, wil nie lekker op die buiteblad van die notaboekie skryf nie. Dit is 'n vooruitwysing na die ongelukkigheid wat sou volg na die skuif van Agaat na die buitekamer.

Volgens die roman is die boerdery een helfte van 'n huishoudster se werk, terwyl borduurwerk die ander helfte is. Milla verklaar dat borduurwerk tot die fynere dinge in die lewe behoort en dit is ryke tradisies uit die domein van 'n vrou. Sy maak asof borduurdery elke vrou se plig is, asof elke vrou dit moet doen om volwaardig vrou te kan wees. Die borduurboek kan gesien word as 'n simbool van die rol van die Afrikanervrou tydens die periode van nasionalisme. Agaat is egter nie 'n Afrikanervrou nie, maar tog moet sy leer om te borduur.

> Skaapslag sê ek is nie die begin & die einde van die wêreld nie of stoep poets of uie vleg of pampoene pak nie. Boerdery is net die een helfte van 'n huishoudster se werk. Het gevoel ek moes die punt sterk stel want ek het hr bietjie gedryf die afgelope maand.
>
> Borduurdery sê ek is die ander helfte & fyn siernaaldwerk & brei & hekel. Dit hoort tot die fynere dinge van die lewe dit is eeue oue kunste & ryke tradisies uit die domein v.d. vrou. [...] Ek wil hê jy moet kennis dra & ek wil hê jy moet dit vir jouself aanleer & jou eie maak dit sal die bewys wees dat ek nie my tyd gemors het met jou nie sê ek vir haar. (Van Niekerk, 2004:175-176.)

In hierdie situasie word veral 'n tendens van die Afrikanervolk uitgebeeld. Milla, as verteenwoordiger van die Afrikaner in die roman, gee nie om vir ander kulture nie. In die kultuur van die bruinmense is die kuns van borduurwerk glad nie so belangrik as wat dit in die blanke kultuur is nie, maar dit maak nie vir Milla saak nie. Milla wil slegs die dinge van die blanke kultuur vir Agaat leer, en niks van haar eie kultuur nie. Agaat dra geen kennis van haar herkoms nie; sy word deur Milla geprogrammeer om deel te hê aan die blanke kultuur. Ironies genoeg vergeet Agaat nie haar eie kultuur nie, sy dans as niemand haar kan sien nie. Hierdie dansritueel van haar is al wat sy van haar herkoms oorhou. Haar buitekamer is ook haar heiligdom, sy laat niemand daar toe buiten Jakkie nie. Sy versier die kaggel in haar buitekamer met vreemde voorwerpe, iets wat Milla glad nie kan verstaan nie.

Soos met die musiekmotto se versmeltings is die versmeltings van die borduurwerkmotto ook samewerkende versmeltings. Die eerste betekenisdomein van hierdie versmelting is die gegewens van die borduurwerkmotto en die tweede betekenisdomein van die versmelting is waar die borduurboek deur Milla gebruik word om Agaat te "skep" na haar wil. Die outeur aktiveer die borduurwerkmotto en verder hang dit van die leser af om die teksgedeeltes in die roman self te aktiveer.

Milla wil hê Agaat moet haar ure vul met borduurwerk, iets wat glo 'n mens meer kultuurbewus sal maak. Milla wil Agaat na haar beeld maak: soos sy van borduurwerk hou, so moet Agaat ook daarvan hou. Ironies genoeg maak dit nie saak hoe goed of lank Agaat borduur nie, sy sal nooit as deel van die "kultuurbewuste" Afrikanervolk beskou word nie.

Mens kan hier die afleiding maak dat Agaat egter nooit slegs Milla se maaksel is nie. Ten spyte van die hegte band tussen hulle bly sy ook die "ander", die onpeilbare, die veragte en gevreesde, die vergestalting van die blanke Afrikaner se angs en onmag teenoor die bedreiging van 'n kultuurvreemde meerderheid (Wessels, 2006:40). Dié aspek van Agaat word veral uitgebeeld deur die feit dat Milla en Agaat se komplekse verhouding slegs uit Milla se oogpunt aangebied word, en dat die leser nooit toegang kry tot Agaat se bewussyn nie. Wanneer Milla onverwags een oggend in Agaat se kamer inkom voordat Agaat in haar gestyfde en geplooide uniform verskyn het, tref Milla 'n vreemdeling aan:

> Die ongetemde haarklomp het haar wild laat lyk. Jy wou wegkyk, maar jy kon nie. Die hare het die andersyds ordentlike kamer gevul soos 'n sameswering teen alles wat met daglig en onderdanigheid te make het. (Van Niekerk, 2004:477.)

In haar buitekamer kan Agaat haar eie identiteit leef naas die identiteit, dié van 'n Afrikanervrou, wat Milla vir haar geskep het. Milla is egter nie onbewus van Agaat se identiteit as die "ander" naas haar "Afrikaneridentiteit" nie en wonder:

> Hoe moes dit voel om Agaat te wees? Hoe kon jy dit ooit te wete kom? Sou julle kon uitmaak wat sy sê as sy dit kon verduidelik? Sy sou dit in 'n ander taal as die een wat julle haar geleer het, moes uitlê. (Van Niekerk, 2004:574.)

Milla probeer om die borduurdery so aantreklik moontlik vir Agaat te maak. Sy wys haar die geborduurde Volkskuns en die voorstellings van Van Riebeeck en so meer. Ironies is dit egter nie Agaat se geskiedenis wat vir haar gewys word nie, maar die geskiedenis van die "Afrikanervolk". Soos reeds genoem, is dit beeldend van die Afrikanervolk se arrogansie om te dink dat geen kultuur buiten hul eie kultuur van belang is nie. Borduurwerk moet ook spreek van die "persoonlikheid van die spreker", maar Agaat word net dinge van 'n Afrikanerpersoonlikheid geleer en niks van haar eie herkoms en persoonlikheid nie. Die veronderstelling is dat Agaat moet begin om eenvoudige dinge te borduur, daarna die geskiedenis en dan kan sy die hemel (die goddelike) borduur.

> Blaai toe die boek oop by my inskripsie voorin & maak hr hardop lees wat ek onderstreep het in die inleiding. Borduurwerk skep 'n atmosfeer van egte waardes in 'n huis & spreek v.d. persoonlikheid v.d. skepper daarvan dit wys die verskil tussen 'n ontwikkelde en 'n onbeskaafde volk.
>
> [...] My bes gedoen om vir A. onder die indruk te bring van al die moontlikhede & hr voorbeelde gewys van ons geborduurde Volkskuns & die voorstelling van ons Geskiedenis die skepe van Van Riebeeck & die uitdeel v.d. eerste plase aan die Liesbeeck & die vetstertskape wat die Vryburgers v.d. Hottentotte geruil het vir krale & lappe & die Voortrekkers & die Ossewaens & die Boereoorlog & die Geskiedenis van Goud en Diamante. Sy besef nog nie nou hoe gevorderd sulke borduurwerk is nie maar eendag sal sy self geleer het hóé sal sy verstaan sê ek. Dis met elke kunsvorm so verduidelik ek. Mens begin met die eenvoudige & dan oefen mens elke dag getrou tot jy reg is om eendag die tonele van die Gesk. aan te pak & dan die Hemel. (Van Niekerk, 2004:176-178.)

Milla voer 'n klomp redes aan waarom Agaat moet borduur. Die redes wat sy gee, is egter die redes waarom die Afrikanervrou borduur en nie waarom Agaat borduur nie. Agaat se redes waarom sy borduur word later bespreek. Milla wil ook hê Agaat moet borduur om haar uit die

kwaad uit te hou. Ironies genoeg bewerkstellig sy juis die teenoorgestelde. Die borduurwerk sterk Agaat in haar kwaad, haar wraak en wrewel teenoor Milla. Die leser word bewus gehou van die kontraste en ironieë tussen die borduurwerkmotto en waar dit in die teks gebruik word.

> Het mooi verduidelik hoe 'n goeie dissipline dit is hoe dit mens kalmeer na 'n dag se harde werk. Dit hou jou nederig & dit hou jou uit die ledigheid dit fokus die aandag op iets nuttig & lei af van negatiewe gedagtes & gevoelens dit maak ander mense om jou rustig & skep 'n huislike atmosf. & dit laat die tyd vlieg & dis beter as om jou tone te sit & tel in jou kamer saans. Oefen sê ek jy sal nooit spyt wees jy het dit geleer nie & aan die einde van die week wil ek die eerste drie streeppatroontjies klaar sien. (Van Niekerk, 2004:178.)

Borduur moet die kultuurbewuste volk van die onbeskaafde volk onderskei. Agaat word egter beskou as deel van hierdie onbeskaafde volk. Sy kan beter as haar leermeesteres, Milla, borduur, maar sy word nog steeds as onbeskaafd geklassifiseer. Dit is ook opmerklik en baie ironies dat, nadat Milla vir Agaat leer borduur het, sy self al hoe minder borduur. Dit is asof sy hierdie eg vroulike en Afrikanertradisie aan Agaat oorlaat. Die "verfraaiing en verfyning van die huislike atmosfeer" word nou aan Agaat oorgelaat, ongeag die feit dat dit eens haar eie huis is nie. Haar borduurvaardigheid behoort van Agaat meer van 'n Afrikanervrou te maak as van Milla, maar dit gebeur nie. Die vraag ontstaan nou of die feit dat Milla minder borduur, haar minder van 'n Afrikanervrou en minder deel van die kultuurbewuste volk maak?

3.2.2 Die borduur van Milla se doodsrok

Die versmelting tussen die borduurwerkmotto en die teksverwysings oor borduurwerk kan ook waargeneem word in die doodsrok wat Agaat vir Milla borduur. Elke vrou dra vier rokke in haar lewe, naamlik die dooprok, die aanneemrok, die bruidsrok en laastens die doodsrok. Agaat borduur die rok vandat Milla nie meer self kan rondbeweeg nie. Sy weier om Milla te wys wat sy doen en is heel geheimsinnig daaroor:

> Met vinnige treetjies is sy hier uit. In die verbygaan het sy haar borduurwerk van die stoel opgeraap. [...] Ek sal haar vandag net etenstye en medisynetye sien. Anders sit sy vir ure hier en borduur by my, 'n groot lap, ek weet nie wat dit is nie, lyk ingewikkeld. Sy tel en meet of die wêreld vergaan, die hele lap uitgemerk met spelde en knope. [...] Sy is geheimsinnig daaroor. Vermakerig soms. Partykeer kyk sy daarna of sy self nie kan glo wat sy daar aan die uitwerk is nie. Of soos netnou toe sy hier uit is, gryp dit asof dit 'n stuk vuil wasgoed is wat sy in die mandjie wil gaan gooi, kyk na my, asof ék dit vuilgemaak het. (Van Niekerk, 2004:18.)

Milla leer vir Agaat borduur en gee vir haar kosbare linne wat haar ma nog vir haar gegee het. Sy gee dit vir Agaat om haar te troos en vir haar te wys dat sy weet dit is nie vir Agaat maklik op die plaas nie:

> In die onderste laai v.d. linnekas onthou ek was daar nog kosbare stukkie materiaal uit my ma se trousseau wat sy nooit gebruik het nie & ek kies toe die grootste mooiste stuk 2 lappe 6 x 3 jaarts Glenshee-linne nog net so in die wit sneespapier toegedraai soos Ma dit seker gekry het. Ek dag laat ek haar beloon & iets gee om te wys ek verstaan dis nie so maklik alles vir hr nie. (Van Niekerk, 2004:175-178.)

Die karakter se uitbeelding hier is beeldend van Milla se skuldgevoel teenoor Agaat. Nadat Milla vir Agaat die lap gegee het, voel sy asof iets verkeerd is. Sy dink daar is 'n slang in die gras en dat Agaat die lap teen haar gaan gebruik. Ironies gebruik Agaat die lap om vir Milla 'n doodsrok te maak. Milla se voorgevoel was dus reg: "Vandat daardie kos'bre lap uit my twee hande is voel ek daar's 'n slang in die gras so seker as wat my naam Milla de Wet is." (Van Niekerk, 2004:180.)

Agaat wys uiteindelik die doodskleed vir Milla. Sy pas dit namens Milla aan en sê dat sy eers daarmee in Milla se graf gaan lê, sy wil dit eers uitprobeer. Op hierdie stuk materiaal het Agaat basies Milla se hele lewe geborduur. Milla sien die see by Infanta, dinge wat op die plaas gebeur, soos die skeer en die oes. Sy sien ook die blou keiser, 'n simbool van die misterieuse, wat nog altyd 'n belangrike oomblik tussen Milla en Agaat was. Agaat het al die tonele van Grootmoedersdrift op die rok geborduur. Mens kan die gevolgtrekking maak dat Agaat verseker

dat Milla saam met die plaas begrawe word. Milla sal altyd die plaas by haar hê, selfs in die graf. Agaat gebruik die linne wat Milla haar gegee het toe sy die eerste dag geleer het om te borduur, die lap wat Milla gesê het sy moet bêre totdat sy 'n meester is. Toe Agaat die linne gekry het, het Milla haar aangesê om eers eenvoudige dinge te borduur, dan die geskiedenis en dan die hemel. Agaat borduur eers eenvoudige, klein dingetjies, dan beweeg sy na menslike dinge, soos die geskiedenis van Suid-Afrika, en dan kan sy die goddelike borduur. Sy slaag ook daarin, en kan dus aan die einde van haar lewe 'n ingewikkelde doodsrok vir Milla borduur, 'n rok met al die tonele van Grootmoedersdrift. Die plaas was nog altyd Milla se hemel gewees. Die doodskleed is Milla se voorbereiding op haar dood. Hierdie laaste lap is dus én geskiedenis én verkenning van die dood, die anderkant van die lewe.

> Kyk, dit is klaar, sê sy. Sy vou dit oop. Sy hou die groot lap voor my. Die een waaraan sy die hele tyd gewerk het. Dit moet maar klaar wees nou, sê sy, ek kan nie meer nie. Maar voor ek dit was en styf en stryk, moet ek dit eers aantrek en daarmee gaan lê in jou graf. Vannag nog is die uitprobeer. [...] Ek sien met my een oog, ek sien. Ek sien op die rok die see by Infanta, ek sien die land by Skeiding.
>
> Dis die vuur, dis die vloed, dis die oes.
>
> Die skeer, die kalf, die weg van die vroue, 'n reier teen die wolke, die blou keiser in die bos, alles van hier duskant die Hottentots-Holland, al die tonele van Grootmoedersdrift.
>
> Dit draai voor my, dit swaai voor my, die laaste mallemeule. Ritornello.
>
> En hier my wegbereider, wat dit vir my aanpas en vertoon. Die vierde rok van die vrou.
>
> [...] O, my ou klavier, ek ken haar nie, haar gesig 'n treurende ruïne.
>
> Is dit goed genoeg om in begrawe te word? vra sy met haar oë.
>
> [...] Onthou jy die stof? Die Glenshee-linne? Vir eendag as ek 'n meester is, het jy gesê. Eers die geskiedenis van Suid-Afrika het jy gesê, en dan die hemel. [...] Die oog van die meester, tot aan die rand van die graf! [...] Borsweer teen die wurms. (Van Niekerk, 2004:605, 606.)

Dit is dus duidelik dat die doodskleed 'n besondere stuk werk is. Die versmelting wat gevorm word tussen die borduurwerkmotto en die teksgedeeltes waar Milla se doodsrok ter sprake kom, is ook 'n samewerkende versmelting. Agaat gebruik elke soort steek in die boek om hierdie kleed

te maak. Soos vroeër genoem, word daar 'n verband tussen Agaat se borduurwerk en die vertel van stories gelê. Agaat word byvoorbeeld as "borduurster van sterfbedstories" beskryf. Die doodskleed wat geborduur word, wat jare geneem het om klaargemaak te word, is Milla en Agaat se lewensverhale, die herrangskikking van herinneringe van 'n lewe. Uiteindelik is die doodskleed wel iets besonders, maar beslis nie "fraai" nie. Wanneer Milla uiteindelik 'n kans kry om daarna te kyk (Agaat het haar nooit toegelaat nie), sien sy dat dit nie mooi is nie:

> Maar nee, dis nie so fraai nie. Hier in die middel langs lyk dit soos 'n bladsy uit 'n hulpboek, 'n help-my-sterf-boek, 'n doen-dit-self-boek met illustrasies, al die inligting in byskrifte rondom die liggaam in doodskishouding daar geborduur, die hande reeds gevou op die bors: 'n Vrou in 'n rok in 'n vrou in 'n rok sal ek wees. (Van Niekerk, 2004:674.)

Met die doodsrok verfraai of verfyn Agaat glad nie die huislike atmosfeer nie. Inteendeel, 'n doodsrok wat die sterwenshouding uitbeeld, kan glad nie fraai of fyn wees nie. Dit is die laaste rok wat Milla ooit gaan aanhê. Die prentjie van die liggaam is in 'n doodskishouding, die hande is gevou op die bors. Dit is Agaat se laaste liefdes- en wraakdaad vir Milla. Die doodsrok is die lewensverhaal van die twee vroue op Grootmoedersdrift, Agaat maak dit uit liefde vir Milla. Sy maak dit egter nie net mooi en fraai nie, sy maak dit ook as deel van haar wraak op Milla.

3.2.3 Borduurwerk en Agaat se liefde vir Jakkie

Die uitbeelding van Agaat se liefde vir Jakkie kan veral deur haar borduurwerk gesien word. Toe hy klein was, het sy gedurig vir hom kussingslope en komberse geborduur. Jakkie is die enigste een wat Agaat bewus toelaat om aan haar keppe te vat.

> Gaat met haar stywe kep, verre besneeude piek wat sy soms na my toe afgebuig het dat ek dit van naby kon bekyk, dat ek – nét ek – daaraan mag raak, die fyn handwerk, wit op wit, waarvan ek nooit genoeg kon kry nie. Die naald flitsend in haar hand voor die kaggel. (Van Niekerk, 2004:3.)

Sy laat Jakkie toe om haar keppe te bestudeer, juis omdat sy hom as haar eie beskou. Die keppe word beskryf as 'n "verre besneeude piek", die deel van 'n berg wat eintlik onbereikbaar is. Maar Jakkie kan hierdie "piek" bereik, want Agaat buig dit af na hom toe. Hy is eintlik die enigste karakter wat naby aan Agaat kom, hy is die enigste een wat 'n deel van die werklike Agaat leer ken.

Agaat borduur ook gedurig vir Jakkie iets spesiaals, byvoorbeeld die kussings op sy bed. Sy gebruik haar borduurwerk as 'n uitbeelding van haar liefde vir hom. Sy hou nie daarvan wanneer die ander huismense na haar keppe kyk nie. Dit is beeldend van die gaping tussen haar en die ander huismense:

> Wit op wit is die kep geborduur, plek-plek vol dik opgewerkte steke. [...] As sy my betrap het dat ek kyk, het sy my laat voel asof ek deur 'n deurskynende bloes loer. Maar nou slaap sy en ek kan kyk soos ek lus het. (Van Niekerk, 2004:386.)

Agaat borduur selfs vir Jakkie 'n dooprok. Dit is duidelik deur hierdie uitbeelding dat Agaat 'n aandeel aan Jakkie se bestaan wil hê en wil dit vir die gemeenskap ook wys deur hom in haar dooprok te laat doop. Agaat wil Jakkie die kerk indra, maar Milla weier en dit ontaard in 'n stille oorlog. Agaat gooi die dooprok in die dam en kom in opstand teen Milla. Die dooprok, wat die eerste rok is wat 'n mens dra, verwys ook na die doodsrok, die laaste rok wat 'n mens dra, wat later in die roman voorkom. Agaat borduur ook die doodsrok vir Milla, soos sy Jakkie se dooprok ook borduur het. Albei hierdie rokke se borduur is 'n daad van liefde, want Agaat is, ten spyte van alles tog lief vir Milla. Dit is belangrik om daarop te let dat dit egter ook 'n vergestalting van die frustrasie van 'n buitestander is en 'n poging om haar in Milla en Jakkie se lewens in te wurm en haar daar te handhaaf. Die doodsrok word later bespreek. Die dooprok wat Agaat vir Jakkie maak, is ook 'n besonderse kunswerk. Milla beskryf dit as "goed genoeg vir 'n koningsknapie":

> Die beste van als is sy't 'n dooprok vir Jakkie geborduur. Hier & daar 'n bietjie sukkelend maar dis iets heel besonders. Purperwinde & druiwetrossies om die some & die kraag alles

> wit op wit & die allerfynste wit knopies & strikkies & seintuurtjies van sagte geborselde symateriaal wat effens blink – goed genoeg vir 'n koningsknapie. (Van Niekerk, 2004:229.)

Uit hierdie versmelting is Agaat se liefde vir Jakkie duidelik. Jakkie is ook die enigste een aan wie Agaat haar borduurwerk probeer verduidelik. Sy kan nooit werklik sy vrae beantwoord nie en maak dit as 'n soort speletjie af. Dit is egter vir haar allermins 'n speletjie. Die erns van haar borduurwerk kan later in die roman gesien word wanneer sy die laaste rok wat 'n vrou kan dra, die doodsrok, vir Milla maak:

> Hoe dóén jy dit, Gaat?
>
> Jy kon nie sy vraag regtig beantwoord nie.
>
> Jy rek dit en trek dit en bind dit tesame, het jy gesê, jy boor dit en prik dit, jy vang dit en glip dit, jy gly dit in garingdraadrame, jy hou dit en bou dit, verdik en verdun dit, jy kleur dit en bleik dit en trek dit ryg op die stippel, jy spook met patroon, jy wikkel en spikkel in rye en range, en strepe en bogies en bruggies en trappies, en kruise en speke van dakke en damme, jy spoor dit en vul dit en span dit in bane en kyk net wat word daar gemaak van die stof, 'n storie, 'n rympie, 'n prent vir die sloop, vir die sprei oor die bed, vir die slag weer uit, jy om die mou, vir die doek op die tafel, vir die vierde rok van 'n vrou. (Van Niekerk, 2004:673.)

Burger (2006b:181) meen dat borduur in hierdie verduideliking verbind word met rympies en stories. Die verband tussen borduur en taal (rympies en stories) word ook bevestig daardeur dat die hele verduideliking van die borduurproses rym. Sodoende word bevestig dat borduur 'n manier is van 'storiemaak'. Borduur dien dus nie bloot as verfraaiing, soos die motto suggereer nie, maar ook as 'n manier om sin te maak van die dinge rondom mens. Agaat probeer sin maak van haar liefde vir Jakkie, juis deur hom tot haar heiligdom van geborduurde keppe toe te laat. Sy probeer ook sin maak van haar hele lewe op die plaas en haar hele verhouding met Milla. Sy gebruik haar borduurwerk as 'n manier om te kommunikeer, om haar uit te druk en ook om die stories te vertel wat niemand anders wil of kan vertel nie. Dit is net ironies dat niemand nie, buiten Jakkie in mindere mate, op Agaat se borduurwerk reageer. Eers aan die einde van haar lewe reageer Milla op Agaat se borduurwerk as sy haar doodsrok sien.

3.2.4 Die borduur van Agaat se keppe

Toe Milla Agaat die eerste keer na haar buitekamer vat, gee sy nie alleen vir haar 'n nuwe blyplek nie, sy gee ook vir haar 'n nuwe uniform om te dra. Haar uniform sluit voorskote en wit keppe in. Agaat borduur haar keppe en haar voorskote om dit meer persoonlik vir haarself te maak.

Die betekenis van die borduurwerk tree na vore as mens Agaat se borduurwerk, wat daarop gerig is om die verpligte en ook vernederende kleredrag haar eie te maak, versmelt met die motto en die ander beelde van die borduuraktiwiteit. Agaat plaas haar eie stempel op die klere. Hoe ouer Agaat word, hoe hoër word haar keppe. Haar voorskote word ook al hoe dikker geborduur. Agaat se keppe is dus uitbeeldings van haar persoonlikheid. Die keppe kan ook gesien word as 'n variasie op die tradisionele kappie wat die Afrikanervrou gedra het om die witheid van haar vel te beskerm, as 'n simbool van haar meerderwaardigheid en blankheid vergeleke met die gekleurde bewoners op die plaas. Agaat gebruik haar keppe egter juis om haar andersheid te beklemtoon. Sy borduur vreemde stories op haar keppe, stories wat haar van die blankes op die plaas onderskei. Dit bou spanning op tussen haar identifikasie van haarself en die onderskeid wat die gemeenskap tref. Sy pas eintlik by geen volk in nie, sy is te bruin vir die blanke gemeenskap en die ander swart volk op die plaas behandel haar, aan die begin met spot, en later met 'n heilige ontsag.

Die uitbeelding van Agaat as karakter geskied dikwels deur die gebruik van haar keppe. Die keppe wat Agaat moet dra, gebruik sy ook as deel van haar wraak op Milla. Sy borduur glad nie konvensioneel nie, die dinge wat sy op haar keppe borduur is geensins gewoon nie. Dit is asof Agaat die keppe gebruik om dinge te sê wat sy vanweë haar posisie as Milla se mindere nie in woorde kan sê nie. Wanneer Agaat praat, praat sy in 'n soort nabootsing van Milla, telkens wanneer Milla haar vrae vra, antwoord Agaat net uit die hulpboeke uit of sy praat Milla na:

Hierdie keer kom haar antwoord uit die borduurboek.

Skaduwerk, sê sy, is 'n vorm van witwerk wat binne almal se bereik is omdat die tegniek baie eenvoudig is. Dit is paslik vir tafellinne, bedspreie, kussingoortreksels vir babas, bruidsluiers, bloese, dooprokkies, kinderklere. Skaduwerk word op deurskynende materiaal gedoen en uit Italië kry ons spesiale fyn linne vir die doel. Dit kan egter ook op sy-organza of 'n goeie kwaliteit Switserse organdie gedoen word. Kunsvesels word nie aanbeveel nie. (Van Niekerk, 2004:460.)

Agaat raak aan die slaap met Milla se voete in haar arms toegevou. Dit gee Milla die geleentheid om haar kep te bestudeer. Sy sien 'n ontwerp van musiekskrif, met musiekinstrumente en vreemde misvormde musikante:

Speel my oë my parte hier? 'n Ontwerp van musiekskrif sien ek [...] Vlerke lyk dit, engelvlerke. Met swierige boë staan hulle uit agter die rûe van die musikante. Maar die trompetspeler het 'n varkensnoet. En die bek van die harpiste is 'n vlermuis s'n. 'n Wolf klop grynsend die tamboeryn. 'n Bobbejaan met bolkieste blaas die dubbelfluit, 'n rot met klein tandjies, hang kwylend oor die luit.

[...] Haar arms kom om my voete, sy druk hulle teen haar bors, styf, nog stywer, sy buig haar nek, sy druk haar voorkop teen my voetbrûe, hard. Die wolf en die rot en die vark, die fluit en die tamboeryn, die hele wrede musiek frommel sy met een slag op teen my enkels. (Van Niekerk, 2004:386.)

Die verhouding tussen Milla en Agaat word in hierdie teksgedeelte duidelik geïllustreer. In Agaat se weerlose toestand wys sy onwetend haar liefde vir Milla. Sy druk haar kep, haar instrument waarmee sy tot haar volle reg kom, in een slag teen Milla se enkels vas. Sy frommel haar kep op, iets wat sy nooit doelbewus sou gedoen het nie; haar keppe is heeltemal te belangrik vir haar. Haar keppe is van haar kosbaarste besittings; sy voel sterker as sy dit op het. In hierdie weerlose oomblik van Agaat maak haar keppe nie meer saak nie. Al wat saak maak, is dat Milla besig is om te sterf.

Soos reeds vroeër in die hoofstuk genoem, is die musiek en die musikante op Agaat se kep 'n parodie op die politiek van apartheid en die Christelike geloof. Een van die oogmerke van Westerlinge in die tyd van apartheid was om die swart- en bruinmense in die Christelike geloof, te onderrig. Agaat se borduurwerk beeld hierdie situasie uit en impliseer die vraag of hierdie kersteningsproses was wat die inheemse mense wou hê. Die onrein musikant-diere (swart- en bruinmense) het engelvlerke en speel Bybelse instrumente. Die godsdiens van die witman word misvorm en as diskriminerend uitgebeeld, dit is egter ook simbolies van die beleid van apartheid wat die regering van daardie tyd gevolg het. As Agaat Milla se voete vasdruk en haar kep teen Milla se voete opfrommel, frommel sy eintlik hierdie godsdiens op sodat dit selfs misvorm raak. Vanuit 'n bepaalde hoek, sou gesê kon word dat die storie van Apartheid op Agaat se kep uitgebeeld is. Die godsdiens van die Westerlinge het veroorsaak dat Agaat nie as deel van die beskaafde samelewing beskou is nie, sy moes eers volgens die Westerse standaarde "opgevoed" word. Agaat frommel egter hierdie godsdiens teen Milla se voete op, dit is nie meer vir haar belangrik nie.

Die volgende oggend maak Agaat asof daar niks gebeur het nie, asof sy nie Milla se voete vasgehou het nie. Sy is weer reg vir die dag. Milla dink Agaat het spesiaal vir dié dag 'n nuwe kep borduur. Haar kep word vergelyk met die sterrestelsel: "Miljoene pypies wat deur die sterre loop. Ingesteek in die Swart Gat". Milla verwys na haar spysverteringstelsel wat nie meer ordentlik werk nie en Agaat wat probeer om Milla se maag te laat werk. Sy noem haarself "die Bose". Milla weet dat dit wat sy aan Agaat gedoen het, nie reg was nie.

> Het sy vergeet sy het my voete omhels? [...] Vandag, so te sien, is die Kaap weer Hollands. Sonder 'n kreukel is die gewel op haar kop. Miskien het sy spesiaal vir haar 'n kep vir die geleentheid geborduur. 'n Allegorie. Miljoene pypies wat deur die sterre loop. Ingesteek in die Swart Gat, om die Bose in haar hol te koggel totdat sy 'n teken van lewe gee? Kom buk hier digby my, Agaat, dat ek my kan vergewis of dit jou nuutste strategie is. Gee my 'n droom van jou naald se punt af. Hoeveel engele dans daar? En sal jy saam met my in die hemel kom as borduurster van sterfbedstories? Hoe sou jy jóú sterwensbegeleier ontwerp as jy die kans sou kry? (Van Niekerk, 2004:410.)

Die verwysing na die naald se punt, verwys na die Rooms-Katolieke wat tydens die Hervorming gestry het oor hoeveel engele op 'n naald se punt pas. Hulle het gestry oor onnodige, nietige dinge terwyl een van die grootste godsdienstige gebeurtenisse in die geskiedenis plaasgevind het. Die Rooms-Katolieke het dit egter nie as belangrik beskou nie. Hulle het eerder oor 'n futiele punt geredeneer. Milla wil hê Agaat moet digby haar buk sodat sy weer na haar kep kan kyk. Sy soek 'n "droom" van Agaat se kep af, die werklikheid is dat sy gaan sterf. Dit is egter 'n futiele poging, die "droom" op Agaat se kep, die "droom" wat van haar naald se punt af kom, kan nie maak dat sy die werklikheid kan ontsnap nie.

Die versmelting toon dus dat Agaat se stem slegs in haar borduurwerk gehoor word. Die tweede betekenisdomein van dié samewerkende versmelting wys dat Agaat haar borduurwerk inspan om stories te vertel, die stories wat sy nie hardop kan vertel nie. Agaat gebruik die keppe as 'n soort kommunikasiemiddel; dit dra haar wraakgevoel en woede teenoor Milla en Jakkie oor. Haar borduurwerk op haar keppe gebruik sy nie vir die kulturele ontwikkeling van die volk nie, maar eerder vir haar eie ontwikkeling en selfhandhawing. Die borduurwerk op haar keppe word ook 'n manier vir haar om te oorleef. Iets wat so mooi soos musiek is, word as wreed en misvorm op haar keppe uitgebeeld:

> Maar die trompetspeler het 'n varkensnoet. En die bek van die harpiste is 'n vlermuis s'n. 'n Wolf klop grynsend die tamboeryn. 'n Bobbejaan met bolkieste blaas die dubbelfluit, 'n rot met klein tandjies, hang kwylend oor die luit. (Van Niekerk, 2004:386.)

Soos reeds genoem, word die borduur van die keppe aangewend om Agaat se karakter uit te beeld. As Agaat haar keppe op het, voel sy gereed vir enigiets. Dit is asof die keppe haar innerlike krag gee vir die moeilikhede wat oor haar pad kom. Haar keppe is vir haar belangrik, dit is haar selfverweer. Haar persoonlikheid word in haar keppe uitgebeeld en omvat. Agaat kry krag vir Milla se siekte deur haar keppe. Ironies genoeg maak Agaat se keppe haar juis nie bestand teen die doderyk nie – sy kan nie keer dat Milla doodgaan nie.

> Sy huiwer oor my bed, neig haar kop, tas met al twee hande die hoë spits af, raak aan die basis weerskante, of dit goed vasgesteek is, of dit reg sit. As die kep goed op is, sal sy deur die vuur kan loop. Haar kroon van verheerlikte katoen, haar myter, haar konka vol ligstippels, dit maak haar bestand teen die doderyk. Sy raak met opset so daaraan dat daar vir my geen twyfel mag bestaan oor haar voorneme nie. Sy is aangetree, sy is paraat, ek moenie verder sukkel nie, sy sal my regsien hier, sy is die aanvoerder van my moontlikhede. (Van Niekerk, 2004:58.)

Agaat sal deur die vuur kan loop, as haar kep stewig vas is. Milla beskryf haar kep as haar myter. 'n Myter is 'n puntige, regop hooftooisel wat as ampsimbool van 'n biskop dien. Agaat word byna 'n heilige gemaak deur haar "myter". Die benoeming van die keppe as "'n myter" in die roman veroorsaak dat die keppe ook as 'n vorm van gesagsvertoon beskou word, Agaat is eintlik die een wat alles op die plaas beheer, dit is haar amp. Sy is ook die een wat vir Milla versorg. Milla kan nie praat nie en Agaat moet alles wat Milla wil hê, probeer interpreteer. Agaat verstaan partykeer Milla se kommunikasie doelbewus verkeerd, en hoor net wat sy wil. Sy is dus Milla se "aanvoerder van moontlikhede". Die keppe word ook beskryf as haar "konka vol ligstippels". 'n Konka is 'n pot of 'n blik waarin vuur gemaak word. Die "ligstippels" kan na hierdie vuur verwys. Dit is dan ook hierdie "ligstippels", die vuur, wat haar bestand maak teen die doderyk, of dít is wat sy wil glo. Reeds van die eerste oomblik van Milla en Agaat se verhouding af, het vuur (en veral die vuurherd) 'n belangrike rol daarin gespeel. Dit was ook met 'n vuur wat Milla die eerste werklike reaksie uit klein Agaat kon kry. Die "ligstippels" kan ook gesien word as klein gaatjies wat toegang gee tot Agaat se gedagtes. Die ligstippels (toegang tot Agaat se gedagtes) is egter in 'n konka, in 'n vuur. Toegang tot Agaat se gedagtes is dus onmoontlik, want as jy te naby kom, gaan jy brand.

Agaat is die "borduurster van sterfbedstories", sy begelei Milla tydens haar siekte tot en met haar dood. Ironies genoeg weef Agaat eintlik al die verhale van die roman saam; sy is die poppemeester. Alles wat in die roman gebeur, is direk of indirek as gevolg van haar. Agaat is die skakel tussen die verhaallyne van die roman. In haar bed dink die verlamde Milla: "Dit is al wat sy kon wees, van die begin af. Julle argief. Sonder haar sou julle niks van julleself geweet het nie. Sy was julle parlement, julle saal van spieëls" (Van Niekerk, 2004:574).

3.3 Boerderymotto en versmeltings

Die laaste motto in die roman is geneem uit die voorwoord van *Hulpboek vir boere in Suid-Afrika* van 1929:

> Hierdie Hulpboek ... dien as 'n sleutel vir die ontsluiting van die skatkamers van klimaat, grond, lewende hawe en bemarkings potensialiteite op elkeen van die 93, 000 plase van ons land.
>
> Net soos die Bybel die pad wys tot geestelike volmaaktheid so sal hierdie Hulpboek ook op middels en maniere wys tot meer winsgewende boerdery en tot groter welvaart vir elke boer in elke deel van die land.
>
> Ek sal graag wil sien dat hierdie Hulpboek sy weg tot elke boerewoning vind en in besit kom van elke persoon wat boer of belangstel in landbousake, omdat dit 'n ryke myn is van nuttige informasie.

Die hulpboek vir boere moet dien as 'n sleutel tot 'n boerdery. Die boek moet raad gee oor die klimaat, grond, lewende hawe, bemarkingspotensialiteite, dus elke aspek van enige soort boerdery. Soos die Bybel die pad tot geestelike volmaaktheid wys, moet die Hulpboek op middele en maniere wys tot 'n meer winsgewende boerdery. Elke boerehuis of persoon wat in boerdery belangstel, moet só 'n hulpboek hê. Die boek word beskou as 'n ryke bron van informasie.

Die motto word aan die begin van die roman geplaas saam met die motto's oor musiek en borduurdery. Die vooropgestelde beginposisie van die motto bring mee dat dit 'n kodifiserende rol in die roman speel. Verder blyk dit dat die motto, wat deur die skrywer gegee word, deur die hele roman ondermyn word. Die boerdery word direk in verband gebring met godsdiens; as die grond in 'n goeie toestand is, sal die gees van die boer ook so wees. In die roman is dit egter nie die geval nie. Die koeie vrek byvoorbeeld as gevolg van 'n tekort in die grond. Die "boer" van die plaas, naamlik Agaat, heg ook geen waarde aan godsdiens nie, al het Milla haar as kind volgens die Christelike geloof grootgemaak.

3.3.1 Die boerehulpboek as onontbeerlike instrument vir elke boer

Milla gee die *Hulpboek vir boere* vir Agaat saam met die FAK-sangbundel en die borduurboek. Dit is vir haar belangrik dat Agaat die belangrikheid van hierdie drie dinge moet besef. Sy sê ook later dat boerdery die een helfte van 'n huishoudster se werk is, en borduurwerk die ander helfte. As Milla 'n hoofstuk in die boek lees, besef sy daar is snaakse woorde en spelfoute in die boek en dat sy Agaat daarop attent moet maak. Hierdie gedeelte in die teks verwys na die belangrikheid van taal. Taal is egter nie werklik nie, as mens bewus is van die spelfoute in die boek, gaan dit nog steeds nie veroorsaak dat mens die boek (en dus boerdery) beter gaan verstaan nie:

> [...] ek lees die hoofstuk oor velle in die ou Hulpboek vir boere die afmaak van hare [...] ("core"? ou boek = vol snaakse woorde & spelfoute moet vir A. attent maak daarop) [...]. Metodes waarvan min mense nog weet. (Van Niekerk, 2004:78.)

Die gebruik van die boerehulpboek in die teks is beeldend van veral Milla se pa se karakter. Hy het haar die belangrikheid van ou kennis, wat die boere vroeër toegepas het om mee te boer, geleer. Sy wil dit ook vir Agaat leer. Die hulpboek bevat al hierdie ou kennis. Haar pa was veral bekommerd oor die veldverval en die verniel van die grond. Soos die behoud van die grond vir Milla belangrik is, so was dit ook vir haar pa belangrik:

> Pa't my die belang van hierdie ou kennis geleer hy't gesê die wiel draai altyd my kind daar kom weer 'n tyd van armoe & nood & die boer wat dan nie weet van die ou weë nie sal in sy glorie wees toe huil ek daar oor Pa se onderstrepings by die stukke oor die veldverval in ons land & die uitputting & verniel van die grond. Dis wat A. ook moet leer die ou weë & die sorg vir die weerlose aarde, die pannetjies & die vleie & die "skulpaaie" & hoe ons dit moet beskerm teen die aanslae v.d. sg. beskawing want hoeveel eeue vat dit nie vir die moederrots om te verbrokkel & te ontbind tot grond nie & kan kom die mens & verwoes dit deur gierigheid & onverskilligheid.

> [...] Het met die potlood die sin in die Voorwoord vir A. onderstreep wat sê dat die Hulpboek die boer sal help in sy materiële groei net soos wat die Bybel hom help in sy geestelike groei & toe gaan lê ek op haar bed want toe's ek skielik moeg. (Van Niekerk, 2004:78,79.)

Die gevolgtrekking waartoe uit hierdie samewerkende versmelting gekom kan word, is dat daar 'n geweldige status aan die boek verleen word. Die boerehulpboek word met die Bybel vergelyk. Soos die Bybel die mens se geestelike groei moet lei, so moet hierdie boek die boer se materiële groei lei.

3.3.2 Die belangrikheid van die grond

Die karakter se uitbeelding in hierdie geval toon dat Milla wil hê Agaat ook die ou weë moet leer, daarom gee sy vir haar die boek. Agaat moet ook die belangrikheid van die grond besef. Almal op die plaas besef dit later opnuut as die meeste van die koeie vrek as gevolg van 'n fosfortekort in die grond. Die aarde word beskryf as weerloos, iets wat beskerm moet word teen die aanslae van die sogenaamde beskawing. Agaat kan byna met die aarde vergelyk word; sy moet ook beskerm word teen die aanslae van die sogenaamde beskawing. Hierdie beskerming vind egter nooit plaas nie. Die aarde word stelselmatig verwoes en Agaat word verwerp deur die beskawing, sy is deel van die onbeskaafde volk. Dit vat glo nie lank vir "moederrots" (sien bogenoemde aanhaling, Van Niekerk, 2004:78,79) om te verbrokkel tot grond nie. Die moederrots verwys nie net na Moederaarde nie, dit verwys ook na grond in die fisiese sin, en na Grootmoedersdrift. Die plaas, soos die grond, is 'n ruimte wat skuiling behoort te bied. Die grond is soos 'n kombers wat die aarde beskerm en Grootmoedersdrift was nog altyd 'n plek wat vir Milla veiligheid gebied het. Ironies word dit duidelik in die roman dat Agaat nie dieselfde veiligheid en gevoel van beskerming op die plaas voel nie. Die belangrikheid van die grond word egter deurlopend beklemtoon. Dit is ook interessant dat die term "moederrots" pas binne die raamwerk van die roman wat op die vroulike lyn in die oorerwing van die grond gerig is. Op Grootmoedersdrift is dit slegs die matriargale heerser wat belangrik is, eers Milla se ma, dan Milla en na Milla se dood, ook Agaat. Die mans op die plaas speel nie werklik 'n groot rol nie.

Jakkie voel nie baie positief oor die plaas nie. Hy verlaat die plaas en emigreer na Kanada. Mense is nuuskierig oor sy herkoms en vra hom gedurig vrae oor sy geboorteland en oor die plaas. Hy is gewoonlik teësinnig maar sal, as die nuuskieriges aandring, 'n kaart van die huis en buitegeboue teken. Alhoewel Jakkie lanklaas by die huis was, onthou hy nog presies waar alles is, selfs waar die verskillende soorte bome staan. As hy terugvlieg vir sy ma se begrafnis, onthou hy hoe hy die plaas altyd geteken het:

> As die nuuskieriges aangedring het, het ek soms tekenaar gespeel, op 'n tweede vel papier rofweg die huis geteken waarin ek grootgeword het.
>
> Die opstal van Grootmoedersdrift, half H-vormig, die linkerbeen korter as die regter. Die stoep voor en aan die oostekant, die agterplaas oop na die suide, met stoorkamers, 'n bediendekamer, Gaat se kamer. Voor twee wolfneusgewels met groot vensters, Ma se kamer regs, Pa se kamer links. Die verbrokkelde duiwe in vlakreliëf onder die oorhang. Dekriet. Voor die huis na die noorde, die strook gelyk rivierland tot teenaan die rivier. Aangeplante weiding vir beeste, 'n soom van inheemse bome langs die water, swartolienhout – vlam in die hart – [...] opregte geelhout.
>
> Vinnige stygende reeks heuwels oorkant die rivier. Diep klowe begroei met beskermde bos, die ou laning wildevye langs die tweespoorpad. Populierbos – fluisterpopuliere. Werf met skure, stalle, melkstalle en voerstalle. Jerseys. Ma se blomtuin waarvoor sy gelewe het. Gelewe het. Links die dam. Agter na die suide, oorkant die drif en die grondpad, die droëland, vir koring en skape. Kleinerige ronde rûens, die boonste gedeeltes bebou, tussenin steil stukke growwe bossiesveld. Heuwels met slaaplandjies van gras en sagte bossies en bloekomplantings rondom skaapsuipings. (Van Niekerk, 2004:7.)

Die populierbos noem hy "fluisterpopuliere". Hierdie gedeelte beeld die misterieusheid van die plaas uit, sowel as die verwondering wat Jakkie altyd gehad het aangaande die plaas. Dit is vir hom asof daar soveel geheime en geheimsinnighede op die plaas is dat hy wonder wat die populierbosse sou vertel as hulle kon praat. Een van die grootste geheime wat hom altyd bly hinder, is waar Agaat vandaan gekom het en hoe sy op die plaas beland het. Die geluid wat die bos maak as die wind waai, klink vir hom ook soos 'n gefluister. Dit verleen byna 'n soort onheilspellende gevoel aan die plaas.

Uit die roman kan mens die afleiding maak dat Milla die grond as die begin en die einde van alles beskou. As die grond nie reg behandel word nie, gaan hul boerdery 'n mislukking wees. As die grond gesond is, is die diere en die mense gesond. Milla probeer hierdie feit onder Jak se aandag bring, maar hy stel nie belang nie. Jak wil nie eers luister na die deeglike studie wat sy oor die grond en die grond se belangrikheid gemaak het nie. Al waarin Jak belangstel, is om ryk te word. Die probleem is egter dat hulle stadig te werk moet gaan om ryk te word, maar dit verstaan hy nie.

> Die grond is alles [...] gesonde grond gee gesonde diere en gesonde mense. [...] jy het 'n hand vol grond opgetel, dit gevryf, dit deur jou vingers laat loop. Dis fyn korrels wat effens kleierig word as dit natreën, [...] geweet hoe dit ruik as dit nat word.
>
> [...] Ek wil jou iets gaan wys, het jy gesê.
>
> Dit beter iets groots wees, het hy gesê vanagter sy motortydskrif.
>
> Dit is, het jy gesê. Dit is die begin en die einde van alles.
>
> [...] Jy wou hom leer van grond, maar hy het net staan en kluite skop [...] op die land.
>
> Jy het 'n grondkaart met illustrasies saamgebring. Jy het 'n deeglike studie gemaak, jy het gemeen hy moet op hoogte kom van die sake. Hy wou niks weet van die nuwe publikasies oor landbouontwikkeling vir die distrik nie, wat nog te sê luister na die voorligtingsbeampte.
>
> [...] So hoe gaan ons ryk word op arm grond, vertel my dit?
>
> [...] Stadig, het jy gesê, baie stadig en met verdrag. (Van Niekerk, 2004:69-72.)

Milla kry die meeste van haar boerderykennis uit die hulpboek vir boere. Die verskille tussen Milla en Jak se hantering van die grond beeld hul karakters ook uit. Jak wil elke jaar al die lande vol koring saai en sy wil ook ander gewasse saai en die lande soms laat rus. Dié verskilletjie oor die hantering van die landerye is die begin van die verskille in hul huwelik. As Milla in haar dagboeke daaroor lees, onthou sy altyd dié dag as die dag wat hulle begin verskil het oor die boerdery. Die verskille wat hulle het oor hoe die boerdery gehandhaaf moet word, is beeldend van hul slegte huwelik. Milla vergelyk die grond met 'n kombers, iets wat die aarde beskerm.

> Dit was die begin van die verskille. Jakop en Millatjie se verskille. [...] Jy het gesê, nee, ons maak die grond net genoeg los om te saai, met 'n skeurploeg sodat daar nie te veel lug inkom nie en ons anker die stoppels liggies in die bogrond. Hy het gesê dit lyk soos 'n hotnosboerdery. Jy het gesê dis 'n kombers, dit bewaar die vog, dit bewaar die stikstof. Hy wou elke jaar al die grond tegelyk vol koring saai. Jy het volgehou vierskot is die beste: Koring, braak, ouland, koring, met 'n groenbemesting soos lupiene al om die ander siklus ingeploeg en droëlandlusern onder die koring gesaai vir weiding as die oes af is. (Van Niekerk, 2004:73.)

Milla leer alles wat sy van die boerdery af weet vir Agaat. Volgens Milla is die grootste gebod van 'n boerdery dat die boer alles goed voorberei en enige gebeurlikheid moet voorsien, dat niks jou kan aflei van jou doel nie. Beplanning in verskillende fases en die nougesette uitvoer van die planne is die een beginsel vir 'n ordentlike boer. Dit help nie om haastig en ongeduldig te raak nie, om te boer is 'n tydsame en moeisame proses met "ingeboude belonings op die lang en kort termyn":

> Die aanloop is net so belangrik soos die daad self.
>
> Alles op hierdie plaas moet goed voorberei word, alles word voorsien en geantisipeer sodat geen toevallige gebeurtelikheid jou kan aflei van jou eintlike doel nie. Dit was die eerste gebod, nog altyd. So het ek Agaat geleer.
>
> Mens dons nie sommer in 'n ding in nie, jy bekyk dit van alle kante en dan neem jy 'n ingeligte besluit en maak 'n behoorlike plan in duidelike fases, altyd op maat van die seisoene. En dan rond jy die fases een vir een af terwyl jy die hele tyd 'n oog op die geheel hou, die ritmes, die bewegings, net soos vir die inoefen van 'n stuk musiek.
>
> So behou jy beheer, so voorkom jy lastige oponthoude in 'n later stadium.
>
> Dit is die een beginsel vir 'n ordentlike boer, veral in 'n gemengde boerdery. So kry jy resultate. So bou jy jou eiendom op. Met ingeboude belonings op die lang en kort termyn sodat jy moed kan hê om aan te gaan. Vastrapplek. (Van Niekerk, 2004:19.)

Die belangrike rol wat grond in 'n boerdery en ook in die roman speel, word deur hierdie versmelting beklemtoon. Die versmelting is, soos die vorige versmeltings, 'n samewerkende

versmelting. Nadat daar 'n groot sterfte onder die koeie is, vind Agaat die rede vir die sterftes uit die boerehulpboek. Die koeie het gesterf as gevolg van 'n tekort in hulle voeding. Dit het veroorsaak dat hulle vreemde dinge, soos blikke, eet. Die weiding het 'n tekort aan voedingstowwe as gevolg van die grond, die grond het 'n tekort aan fosfor en dit het veroorsaak dat die weiding ook 'n tekort het. Soos Milla voorspel het, is die grond die begin en die einde van alles. As die grond nie reg is nie, is die voeding en uiteindelik die diere ook nie reg nie. Hierdie "skeet" in die grond, werk deur die gras tot in die bloed van die diere. Die gebrek in die grond het egter nie alleen 'n uitwerking op die diere nie; die mense van die plaas ly ook skade. Agaat gryp in die uur van nood, nadat hulle almal platgeslaan is deur die verlies, na die Boerehulpboek vir raad. Sy het alles van koeie geleer. Sy verseker dat dit nie weer sal gebeur nie.

> Sy het die ou Boerehulpboek op jou skoot gesit. Haar stem was reguit. Haar oë het geblink. Maak oop op bladsy 221, het sy gesê, maak oop, en vra my enigiets, ek is volleerd nou, oor alles wat 'n koei kan oorkom.
>
> [...] Vra my van die begin af, [...] vra my al die tekens, en al die rate, vra vir my strikvrae, ek het alles geleer, ek ken nou alles, ek sal nooit weer 'n fout maak nie. [...] Jy het gesit en huil daar maar sy het aangehef en haar les begin opsê. Sy wou jou regop dwing.
>
> [...] 'n Onnatuurlike verlange, het sy gesê, haar voordragstem flets van uitputting, dis wat maak dat koeie aas vreet. Skape kan dit ook kry. Dan vreet hulle verkeerde goed, dan word hulle siek. Van kieme in karkasse. Bo-ti-li-nus-kieme. Maar dis die grond wat eerste iets kort. Fosfor. En dan die weiding. Die probleem is in die grond. Dit werk deur die gras tot in die bloed. Dit is wat in die eerste plek die verkeerde lus veroorsaak, die skeet in die grond. (Van Niekerk, 2004:244, 260, 261.)

Milla erf die plaas by haar ma nadat sy en Jak getroud is. Sy het baie drome vir die plaas en wil hê dat hulle dit weer 'n spogplaas moet maak. Jak ken egter nie die boerdery nie en sy is die een wat alles op haar skouers moet neem. Later neem Agaat hierdie plig by haar oor, en word die een wat op die plaas boer. Milla wil hê die plaas moet 'n boekvoorbeeld wees van 'n gemengde boerdery. Die boekvoorbeeld verwys na die *Hulpboek vir boere* waaruit sy baie dinge oor boer geleer het. Sy wil hê die plaas moet wees soos die voorbeelde van goeie plase wat in die boek

gegee word. Soos dinge in 'n boek gegee word, is nie altyd hoe dit in die werklike lewe gebeur nie. Milla vind dit wel later in haar lewe uit.

> Ons moet die koringboerdery oorneem van die Okkenels, die plaaslike mark is uitgehonger vir fyn wit meel nou na die oorlog, ons moet die skaap en beeskuddes uitbou, daar is uitstekende weiding langs die rivier vir 'n melkstoet, ons moet van Grootmoedersdrift maak wat dit kan wees, 'n boekvoorbeeld van gemengde boerdery, ons moet die naam gestand doen. (Van Niekerk, 2004:29.)

Die plaas moet sy naam, Grootmoedersdrift, gestand doen. Soos reeds genoem, is Grootmoedersdrift ook 'n voorstelling van die grond. Die mense van Grootmoedersdrift is onlosmaaklik deel van die plaas. Ironies is dit slegs die "groot moeder", die matriarg, van die plaas wat genoem word. Hier is glad nie sprake van die man of die tradisionele patriarg van ander plaasromans nie. Soos Milla se ma, gaan sy die eintlike boer en leier op die plaas wees. Nadat Agaat plaas toe gekom het, neem sy hierdie matriargale rol by Milla oor en word sy die een wat dinge op die plaas beheer. Milla dwing haar ook om alles oor die boerdery te leer, van skaapslag tot pampoene pak. As Milla tot sterwe kom, erf Agaat die plaas by Milla. Daar is dus steeds 'n matriarg op die plaas, maar nou is dit ook 'n bruin vrou.

Volgens Rossouw (2005) kan daar ook verskeie ander betekenisse in die naam van die plaas gelees word: die groot driftigheid van moeders; die drif as vagina; oerpoort van die lewe (waar Jak, gepas vir iemand wat vroulikheid so hardhandig hanteer, uiteindelik sterf); die grond as ons moeder, en hoe die manlike miskenning van hierdie moederlikheid tot dood en vernietiging lei. Dink byvoorbeeld aan Jak wat nie die belangrikheid van grond (en dus eintlik indirek die belangrikheid van die vrou) besef nie. Dit lei tot allerhande rampe en sterftes onder die diere op die plaas.

Ironie word uitgebeeld deur die feit dat in die mense op die plaas se grootste uur van nood, Agaat na die boerehulpboek gryp. Sy maak staat op die boek om vir haar 'n antwoord te gee. Die voorwoord van die hulpboek vir boere verklaar dat die boek 'n sleutel is tot die ontsluiting van

die skatkamers van grond. In die uur van nood is dit presies wat die boek doen. Dit verduidelik die hele situasie aan die mense op die plaas. Die boek is 'n "ryke bron van informasie". Dit moet sy weg vind tot "elke persoon of boer wat belangstel in landbousake". Agaat word nooit werklik beskou as die boer op die plaas nie; sy is net die hulp. Alhoewel sy eintlik die een is wat die plaas aan die gang hou en baie meer van boerdery weet as Milla of Jak (sy het immers die hulpboek bestudeer), word sy nog steeds nie as die een wat boer, beskou nie. Milla is dalk die een wat die boerdery begin het, maar Agaat is die een wat die boerdery aan die gang hou. In Milla se testament laat sy ook die plaas aan Agaat na. Sy weet dat die plaas aan Agaat moet behoort, want sy was al die jare die eintlike boer.

3.3.3 Die kaarte van Grootmoedersdrift

Wanneer Milla reeds heeltemal hulpeloos is, wil sy die kaarte van die plaas sien. Van die begin van die roman word vertel hoe sy probeer om die boodskap na Agaat te sein. Sy wil hê Agaat moet die kaarte uit die kas gaan haal en in haar kamer opsit. Mens kan die gevolgtrekking maak dat die kaarte die simboliese voorstelling van die plaas en die boerdery is. Dit is ook 'n simbool van Milla se eienaarskap. As Milla haar storie vertel, probeer sy hard op die kaarte fokus, want sy wil net haar regte en haar suksesse oproep. Agaat laat haar egter nie toe nie. Sy sorg dat die dagboeke ook aan die lig kom om die ware lewensverhaal van Milla te vertel.

> [...] dat ek die kaarte van Grootmoedersdrift wil sien, die kaarte van die streek, van my plek. Vaste punte, waaragtige plekke, die ligging van my grond tussen die Korenlandrivier en die Buffeljagrivier, 'n laaste oorsig in voëlvlug, op stippellyne, op die asse tussen die lengte- en breedtegrade. Opgeteken en gewaarmerk wil ek die afstande sien, tussen die grootpad en die voetheuwels, vanaf die stalle tot by die ouboord, my oog wil ek heg aan die blou aartjie met die rooi hakie wat die drif, die brug oor die drif aandui, die pyltjie waar die drif se water ontspring, die vertakking in die rivier. 'n Plattegrond van die werfuitleg, die planne van die buitegeboue, die mure, die dakkappe, die val van die geute, die syfers en woorde in drukskrif. Ek sal langs 'n grensdraad afstap en die klein karkassies tel wat die laksman opgehang het, ek sal 'n eiland vind in die rivier, toegegroei van wilde braambosse, ek sal onder die balke van 'n solder deurkoes en my sit kry op 'n goiingsak en my verkneukel daarin

> dat niemand weet waar ek is nie. Plekke om my aan vas te klamp, 'n ruimte buite hierdie binnekamerse sisteme van vergelding, iets om my verbeelding, my herinneringe, op te ent, 'n snit, 'n inkerwing, 'n okkulering wat weglei van hierdie steriele oppervlaktes. (Van Niekerk, 2004:42.)

Soos reeds genoem, word die kaarte, in dié versmelting, gesien as die simboliese voorstelling van die plaas. Die kaarte is egter nie die werklikheid nie, dit is net 'n voorstelling. Die kaarte is nie die plaas self nie, maar slegs pogings om die plaas te beskryf. Milla probeer deur die kaarte 'n greep op haar lewenswerk kry, dit waarmee sy haarself haar hele lewe lank besig gehou het. Die kaarte wys egter nie die dinge wat sy verkeerd gedoen het nie, sy wil liewer daardie dinge vergeet en probeer dit die hele tyd vermy as Agaat haar daarop attent maak.

Die uitbeelding van Milla se karakter in hierdie situasie toon dat die kaarte 'n poging van Milla is om van haar siekte te ontsnap. Deur na die kaarte te kyk, kan sy haar die wêreld rondom haar verbeel en dus aan die vier mure van haar kamer ontsnap. Afgesien van die vier mure, is sy ook binne die grense van haar liggaam vasgevang. Sy wil van haar sieklike liggaam ook ontsnap. Juis deur hierdie verbeeldingsvlugte, waar sy oor die hele plaas beweeg, ontsnap sy aan haar liggaam. Op haar verbeeldingsvlug wil sy die karkassies tel wat die laksman teen die draad opgehang het. Dit wys daarop dat Milla tog weet van die dinge wat sy in haar lewe verkeerd gedoen het. Sy aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir haar dade nie. Sy gaan kruip liewer in 'n solder weg. Milla wil wegkruip van almal, sy wil in 'n solderkamer sit en haar verkneukel aan die feit dat niemand weet waar sy is nie. Sy wil wegkom van die "binnekamerse sisteme van vergelding" (Van Niekerk, 2004:42), Agaat is elke dag besig om wraak te neem en Milla wil dit ontsnap. Hierdie ontsnapping is egter net tydelik, sy dink sy sal kan ontsnap wanneer sy na die kaarte kyk. Wanneer Agaat vir haar uit haar dagboeke voorlees, moet sy alles weer van vooraf beleef en word haar "ontsnapping" uit herinnering onmoontlik omdat sy met haarself gekonfronteer staan.

Die motto, as eerste betekenisdomein van die versmelting, verklaar dat die boerehulpboek die boer moet lei tot sy materiële vooruitgang, soos die Bybel die mens help in sy geestelike groei. Die kaarte, as die simboliese voorstelling van die plaas en boerdery, is daarom baie belangrik vir

Milla tydens haar siekbed. Dit gee haar krag om die siekte te verduur, dit hou haar aan die gang, sy probeer die hele tyd vir Agaat sein dat sy die kaarte wil sien. Sy gebruik die kaarte om aan haar verlede te ontsnap, sy wil slegs die goeie dinge, haar suksesse, in die lewe onthou. Die kaarte is dus eintlik 'n klug. Dit is nie die werklike voorstelling van haar lewe nie. Die dagboeke lewer 'n meer akkurate uitbeelding van haar lewe.

3.3.4 Die boerehulpboek as klankbord vir Agaat se gevoelens

Die verhouding tussen Agaat en Milla word ook uitgebeeld deur hul kommunikasiestelsel. Telkens wanneer Milla ongemaklike vrae vra, wat Agaat nie wil beantwoord nie, antwoord Agaat haar uit een van die drie boeke (die FAK, die borduurboek of die *Hulpboek vir boere*). Milla kan nie meer praat nie en moet deur middel van 'n alfabetlys haar vrae aan Agaat uitspel. Agaat kies egter om Milla se vrae nie te beantwoord nie en resiteer slegs uit die *Hulpboek vir boere*. Dit is ook die oomblik dat Milla se gesondheid verder agteruit gaan. Sy kan slegs haar een oog toemaak. Die ander oog bly staar:

> Toe ek klaar was, het sy by die voetenent kom staan, haar voorskoot losgemaak, haar rok voor oopgeknoop, haar klein skewe skouer voor my kaalgemaak en haar hande voor haar bors gevou. Eers het sy gepraat, maar die woorde het 'n kadans gehad, 'n soort singpraat was dit, vol ouderwetse uitdrukkings.
>
> > In die lewe van 'n skaap / is speentyd die kritiekste tyd. [...] Eenmaal in hul groei gekrenk, / kom hulle nooit weer reg nie.
>
> Ek het my oog wat kon toemaak toegemaak. Ek kon die skewe skouer nie langer aanskou nie, die uitdrukking op Agaat se gesig, haar mond wat vertrek asof sy die woorde huil.
>
> Wat wou sy hê moes ek maak daarvan?
>
> > Daarom, voor julle die ooie uitkeer, / moet die lammers vir 'n ruk lank met hul moeders same/ op die beste weiveld loop / om hulle aan hul nuwe plek gewend te maak. / Hoewel treurnis nooit voorkom kan word nie, / sal hul dan veel minder verdriet hoef te verduur.

> Ek kon my een oog toemaak, [...] dit was toe dit vir die eerste keer gebeur het, my ander oog het bly staar. En steeds moes ek dit aanhoor, die inkantasie [...]
>
> > Na skeiding moet die ooie nooit / in die kamp net langsaan loop nie [...] / dat hul lammers hul nie hoor blêr nie. / 'n Kind soos julle algar weet, / die ken sy ma se stem tussen duisend ander uit, / en maklik op 'n afstand van vier myl.
>
> [...] Ek het my oog óp probeer draai, [...] maar hy was vir die eerste keer vas, [...] en ek moes bly kyk na haar. Ek het my fokus verslap, die beeld probeer uitvaag. Maar onder die wit kep het die bruin vlek van Agaat se gesig bly opdoem, skeef getrek, rimpelig, soos 'n standbeeld onder water wat sing.
>
> [...] Toe die gesang uit was, het sy haar arm teruggewring in sy mou [...] en in 'n blou boekie begin lees. (Van Niekerk, 2004:508-510.)

Agaat ontbloot haar skewe skouer voor Milla. Dit is iets wat sy nooit doen nie. Die uitbeelding van Agaat se karakter wys dat sy wil hê die ontbloting van haar skouer moet as 'n soort straf vir Milla dien. Dit is vir Milla baie erg om Agaat so te sien en sy probeer haar oë toemaak, sodat sy nie langer die skewe skouer hoef te aanskou nie. Dan besef sy dat sy slegs haar een oog kan toemaak, die ander oog bly staar. Sy word dus gedwing om na Agaat te kyk. Agaat se skewe skouer is 'n herinnering aan haar herkoms. Dit dien ook as 'n herinnering aan Milla se skuldige gewete oor die behandeling van Agaat.

Die gevolgtrekking kan dus uit hierdie versmelting gemaak word dat die keuse van aanhaling uit die boerehulpboek baie insiggewend is. Die stukkie handel oor skape en hoe hul lammers behandel moet word. Die speentyd van die lammers word geklassifiseer as die belangrikste en kritiekste tyd in hulle lewe. As hulle eenmaal in hul groei gekrenk is, kom hulle nooit weer reg nie. Die lammers moet eers saam met hulle ma's in 'n weiveld loop om hulle gewoond te maak aan 'n nuwe blyplek. Dan eers kan die lammers van hul ma's geskei word. Dit moet gedoen word om "treurnis" tot 'n minimum te hou. Die ooie mag, na skeiding, nooit naby die lammers wei nie, want 'n kind ken sy ma se stem bo ander uit en kan dit van 'n ver afstand af onderskei. Hierdie gedeelte is beeldend van hoe Milla Agaat gekry het. Milla het Agaat uit haar gesin verwyder en haar in hul huis as 'n eie kind aangeneem. Toe Milla egter haar eie kind verwag, het sy Agaat na die buitekamer verskuif en begin om haar soos 'n bediende te behandel. Die skeiding van Agaat

van haar familie het egter meer kwaad as goed gedoen en het letsels gelaat. Agaat se groei as kind is dus gekrenk en sy het nooit werklik daarvan herstel nie. Dit het haar haar hele lewe bygebly. Agaat se skewe skouer is simbolies van hierdie letsels. Milla kan die skouer nie aanskou nie, want sy voel skuldig oor alles wat in die verlede gebeur het. In plaas van kompenseer vir die skade van onverskillige ouers, het Milla Agaat ook verwerp. Soos met die kaarte wil sy slegs in die goeie van haar lewe vaskyk en kan die slegte, soos gesimboliseer deur Agaat se skewe skouer, nie aanskou nie. Ironies genoeg is dit ook die eerste keer dat Milla se oog vasgehaak het – die oog bly staar na Agaat se skewe skouer. Milla word gekonfronteer met die verlede en die skade wat dit aan Agaat gedoen het. Sy word gedwing om dit in die gesig te staar. Sy kan nie haar "oog" toemaak en daarvan ontsnap nie.

Die hulpboek word ook aangewend in die uitbeelding van Agaat se karakter. Sy gebruik die boek as 'n manier om dinge te sê wat sy nie reguit kan sê nie. Deur bogenoemde stukkie uit die boek vir Milla aan te haal, word dit duidelik dat sy Milla kwalik neem oor die verlede. Die hulpboek help haar nie in haar materiële groei nie, dit dien eerder as 'n metode ter selfbemagtiging. Agaat kan egter ook nie juis materieel groei nie, aangesien sy nie werklik iets besit nie. Eers aan die einde van die roman erf Agaat die plaas en kan sy materieel groei. Agaat se groei, hetsy materieel of geestelik, is deur Milla beskadig.

Die gedeelte oor die ooie en hul lammers is baie belangrik vir die simboliese betekenis van die versmelting. Dié gedeelte word gemetaforiseer. Daar word verskillende rame oor mekaar geplaas. Agaat is die lam wat op 'n jong ouderdom deur haar ma verwaarloos en dan ook van haar ma weggeneem is. Haar ontwikkeling is dus gestrem en Milla probeer aanvanklik daarvoor kompenseer, maar verstoot Agaat later ook. Die gedeelte oor die lammers kom in die boerehulpboek voor. Milla gee die boek vir Agaat om haar as "boer" (Agaat is die eintlike boer op die plaas.) te help en van die boerdery te leer. In hierdie gedeelte van die roman gebruik Agaat egter die boerehulpboek teen Milla; sy gebruik dit indirek om Milla te verwyt oor die verlede. Sy wil ook hê Milla moet verantwoording doen vir wat met haar gebeur het toe sy 'n kind was. Die eerste raam is die boerehulpboek wat inligting oor die skeiding van lammers van hul ma's gee en die tweede raam is Agaat en Milla se geskiedenis, veral die gedeelte waar Milla

Agaat by haar ma wegvat en as haar eie kind grootmaak. Al word daar in die boek gestel dat 'n boer sy lammers reg moet hanteer, word Agaat, 'n mens wat liefde en sorg veel nodiger het, eintlik twee keer van 'n moeder geskei, die eerste keer toe Milla haar van haar biologiese ma wegvat en die tweede keer toe Milla haar buitekamer toe skuif en sy die rol van huishoudster moet vervul. Die derde raam is Agaat se verwyt oor die verlede.

3.4 Die motto's - samevattend

Deur die hele roman heen is dit duidelik dat die motto's, geneem uit drie boeke, 'n besonder belangrike rol speel. Die boeke bly regdeur die roman belangrik. Milla merk op dat Agaat die boeke langs haar siekbed geplaas het as 'n herinnering aan die dinge wat Milla haar uit die boeke wou leer.

> Sy skuif die blou boekies netjies op 'n stapel. Vir die eerste keer sien ek die *Borduurboek* en die *Hulpboek* en die oranje *FAK* ook op die spieëltafel. Bewysstukke. Met vers en kapittel. 'n Resitatief uit die Boerehulpboek? Wat moet dit beteken? (Van Niekerk, 2004:464.)

Die voorstelling van Milla se gebruik van die drie boeke beklemtoon dat Milla die drie boeke benut om Agaat te leer en haar te herskep tot die mens wat sy graag wil hê Agaat moet wees. Die drie boeke is ook beeldend van sekere tradisies van die gemeenskap in die Apartheidsjare. Die "waardes" van 'n beskaafde volk word in die boeke beskryf.

Agaat gebruik hierdie boeke feitlik elke dag van haar lewe. Sy bereik alles wat die boeke vereis, maar tog word sy nie as deel van die "beskawing" beskou nie. Agaat is ook die erfgenaam van 'n tradisie wat haar nie erken nie. Agaat is die skepping van Milla. Deur die gebruik van die boeke het sy Agaat na haar eie beeld geskep. Agaat is in 'n groot mate dieselfde as Milla, buiten haar velkleur. Milla besef dat hulle dieselfde is – in so 'n mate dat Milla vir Agaat op haar siekbed sein: "Sê vir die man ons verbeelding is 'n gesamentlike een, sê vir hom ons het mekaar uitgedink hier" (Van Niekerk, 2004:221).

Tydens Milla se siekte behandel Agaat haar soos Milla haar as kind behandel het. Sy herhaal alles van haar kinderjare met die sieklike en verlamde Milla. Dit wil byna voorkom of Milla, tydens haar siekte, ook die skepping van Agaat word. Hulle word so te sê spieëlbeelde van mekaar. In haar resensie van *Agaat* lewer Annemarie van Niekerk (2004) kommentaar op die politieke implikasies van hierdie konsep: "Die roman kan ook gelees word as kommentaar op die borde van die verlede wat in die hede verhang word. Dat die wittes nou moet maai wat hulle destyds gesaai het, uitgelewer aan dit wat hulle help vorm en voed het, en so hulself leer ken en verstaan – so tot stomme stilstand voor hulle eie spieëlbeeld kom." Dit is ironies dat dit gesuggereer word dat Milla en Agaat tog oor tyd heen in mekaar vergroei geraak het. Hulle het selfs "dieselfde verbeelding" ontwikkel. Hulle lot is dus onlosmaaklik verbonde.

Die boeke word aangewend om die drie gebiede in die lewe wat vir Milla belangrik is, naamlik musiek, borduurwerk en die boerdery, te beskryf. Op al drie hierdie gebiede is Agaat die eindproduk van Milla se onderrig. Agaat sing gedurig liedjies uit die FAK en haar spraak is vol gesegdes en frases uit Afrikaanse liedjies en idiome. Sy is dus 'n kenner op die gebied van die Afrikaanse kultuur. Agaat is 'n uitstekende borduurster. Op Milla se doodskleed borduur sy haar en Milla se verhaal op Grootmoedersdrift:

> In swartwerk en gaassteek en legwerk en kruissteek en vlegwerk. Dis die vuur, dis die vloed, dis die oes. Die skeer, die kalf, die weg van die vroue, 'n reier tussen die wolke. Die blou keiser in die bos, alles van hier duskant die Hottentots-Holland, al die tonele van Grootmoedersdrift. (Van Niekerk, 2004:605-606)

Agaat is ook 'n uitstekende boer. Sy tree in by elke krisis op die plaas en dwing respek van haar meesters (Milla en Jak) en elke werker op die plaas af. Die suggestie word gelaat dat Agaat egter ook dikwels die aanvoerder van 'n krisis was. Dit is beeldend van die misverstande en die onoorbrugbaarheid van Milla en Agaat se verhouding. Volgens Wessels (2006:39) word Agaat, die bruin vrou, die uitgeslote, ontkieserde, gemarginaliseerde buitestander, ironies uitgebeeld as die simboliese kultuurerfgename van Grootmoedersdrift, die uiteindelike vergestalting van die beste in die Afrikaanse kultuur. Hierdie erfenis word treffend bevestig waar Agaat op Milla se

begrafnis – ná die politieke oorgang van 1994 – die begrafnisgangers (insluitende die werkers) die derde versie van *Die Stem* laat sing ("by die klink van huw'liksklokkies, by die kluitklap op die kis, streel jou stem ons nooit verniet nie, weet jy waar jou kinders is" (Van Niekerk, 2004:701). Die lied verteenwoordig beide Agaat en Milla se Afrikanererfenis.

Alhoewel Agaat die erfgenaam van Grootmoedersdrift en ook die gepaardgaande Afrikanererfenis is, word sy nooit werklik deur die gemeenskap aanvaar nie. Die belangrikste bevestiging van Agaat se "andersheid" is die traumatiese degradering van pleegkind tot bediende wat geskied toe Milla besef dat sy wel haar eie kind verwag:

> En toe die klok twaalfuur slaan,
> was haar bordjie van enemmel,
> haar bekertjie van blik,
> haar mes haar vurk haar lepel
> gebêre onder die opwasbak.
> Hier, kyk hier's jou goed,
> hulle het hul eie plek soos jy nou,
> jy is van ander bloed. (Van Niekerk, 2004:603).

Verder meen Wessels (2006:43) dat *Agaat* egter nie bloot op 'n noot van skuld, boetedoening en verantwoording eindig nie. Op die persoonlike, intieme vlak van die komplekse verhouding tussen Milla en Agaat, 'n verhouding van liefde en wrewel, aanklag en skuld, toegeneentheid en wraak, eindig die roman tog met 'n aanduiding van genade of rekonsiliasie.

Die oomblik wanneer Milla sterf, word beskryf as 'n intieme oomblik wat dui op versoening:

> onder my 'n boei dat ek nie sink nie [...] 'n stem wat vir my spreek 'n raaisel waar rus is [...] 'n mond wat saam met myne wasem op glas in die dal van die doodskaduwee. (Van Niekerk, 2004:698.)

Milla sterf uiteindelik "liefhebbend in my hand die hand van klein agaat" (Van Niekerk, 2004:699). Al die dinge wat gebeur het, smelt weg en Milla onthou net die gelukkige onskuldige tye tussen hulle, die tyd toe Agaat as't ware haar kind was. Dit is ook betekenisvol dat Agaat dié spesifieke bewoording op Milla se grafsteen kies: "En toe sien God dat dit Goed was". Dit dui daarop dat sy Milla tog vergewe het en lief vir haar was. Die grafskrif is ook 'n toespeling op Agaat se naam – *agathos* is Grieks vir "goed". Dié frase het ook 'n Bybelse konnotasie. Dit is geneem uit Genesis en God het dit gesê nadat Hy die aarde geskep het. Agaat besef dat sy die skepping van Milla is. Deur egter die woorde op Milla se grafsteen te sit, word daar wel 'n soort versoening, of die moontlikheid van versoening in die lotsverbondenheid van verskillende rassegroepe in die land gesuggereer.